TYDSKRIFTE - AFDELING
J. S. GERICKE - BIBLIOTEEK
STELLENBOSCH
10-05-1985

Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXXI Nr. 6

DONDERDAG, 9 MEI 1985

*INKOMTYE*

# Vroue voel ontevrede

"DIE damestudente van Stellenbosch voel dat die huidige reëls oor inkomtye hul volwassenheid bevraagteken. Hulle kan die verantwoordelikheid vir hulle eie dade neem en wil nie teen gediskrimineer word op grond van hul geslag nie."

**Dit is die standpunt van die voorsitster van die Primariae-komitee, me. Mardia van der Walt, oor die huidige stelsel van inkomtye vir eerstejaardamestudente.**

Volgens me. Van der Walt verteenwoordig sy ongeveer drieduisend damestudente by wie daar 'n "geweldige behoefte" vir 'n meer buigsame inkomtydstelsel bestaan. "Die meisies hoop op verandering", het sy gesê.

Alle damestudente wat vir kommentaar genader is, het hul ontevredenheid met die stelsel te kenne gegee. Uitsprake soos "ons is oud genoeg om te trou, maar moet agtuur in wees", "dis belaglik" en "dis absoluut horing" is onder meer gemaak. Geen eerstejaardamestudent wat om kommentaar genader is, het te kenne gegee dat sy tevrede met die stelsel is nie.

Me. Van der Walt het onlangs aan die verskillende primariae opdrag gegee om 'n opname te maak sodat menings oor die stelsel ingewin kan word. Eerstejaars wat oor die opname ondervra is, het te kenne gegee dat hulle bly is dat dit gedoen is. Verslae word ook deur elke HK-lid en primaria ingelewer.

Mnr. A.J. Basson van die Universiteit se Administrasie sal 'n verslag van die uitvoerende komitee van die Prim-komitee ontvang waarin onder andere ook aanbevelings vir verbeterings uiteengesit sal word. Volgens me. Van der Walt is daar ook gekyk na stelsels wat op ander kampusse geld. "Daar heers positiewe gevoelens oor die nagwagstelsel", het me. Van der Walt gesê.

Eerstejaardamestudente word tans toegelaat om eenkeer per week om 23h00 in te wees en om 20h00 op ander weeksdae. Oor naweke geld ander inkomtye.

Mee. Mardia van der Walt, Marieke van der Walt (die SR-lid vir Damesbelange), mnr. Basson, prof. Roux de Villiers (die Vise-Rektor), mev. K. Smuts (hoof van die Dameskoshuise), en mev. L. Rabie ('n lid van die Prinsipalekomitee), het onlangs 'n vergadering gehou waarop besluit is dat 'n verslag oor die kwessie opgestel sal moet word.

Mnr. Jaco Sieberhagen, voorsitter van die Primkomitee, is vir kommentaar genader, maar daar is volgens hom ooreengekom dat die aangeleentheid uitsluitlik deur die primariae verder gevoer sal word.

# Besoeke by mans bly steeds taboe

**GROOT teleurstelling heers by lede van die Studente-unie nadat pogings om verouderde koshuisreëls te verander vir die soveelste keer misluk het.**

**Verlede jaar in September is 'n mosie deur mnr. Bartel du Toit, op daardie stadium primarius van Huis Visser, by die Prim-komitee ingedien. Die mosie het as volg gelui:**

**"Dat die Universiteit versoek word om die reëlings in verband met die besoek van dames aan manskoshuise sodanig te wysig dat kamerbesoeke, onderhewig aan spertye, toelaatbaar is". Hierdie mosie is deur die Prim-komitee aanvaar.**

**'n Verslag ter motivering van die mosie is deur mnr. Jaco Sieberhagen, voorsitter van die Prim-komitee, me. Mardia van der Walt, voorsitster van die Primariae-komitee en mnr. André Duvenhage, primarius van Eendrag opgestel.**

**Die mosie is hierna na sub-komitee A verwys wat die mosie sonder 'n aanbeveling deurgestuur het na die koshuiskomitee. Dié komitee bestaan uit die vise-rektor, prof. Roux de Villiers (voorsitter), prof. Fensham, mev. Smuts (hoof van dameskoshuise), mnr. Sieberhagen en me. Van der Walt, een inwonende hoof, een prinsipale en die hoof van die PSO-wyke. Die koshuiskomitee het die mosie met ses stemme teen twee verwerp. Slegs mnr. Sieberhagen en me. Van der Walt het die mosie ondersteun.**

**Dat die studente graag verandering wil sien, is duidelik. Dit blyk uit die verdeling van stemme tydens die vergadering van die koshuiskomitee. Volgens mnr. Sieberhagen het 70% van alle manskoshuisinwoners in 'n onlangse ondersoek vir die toelating van dames in die mans se kamers vir beperkte tye gestem. Mnr. Le Roux van der Westhuizen, die SR-voorsitter, het gesê dat dié aangeleentheid een van die besprekingspunte by die onlangse SSD-kamp was. Daar was redelike konsensus onder studenteleiers van die onderskeie kampusse dat dames wel vir beperkte tye in manskamers toegelaat moet word.**

**Prof. De Villiers is om kommentaar genader, maar hy wou op hierdie stadium niks oor die aangeleentheid sê nie. "Ek wag vir die Raad om oor die saak te besluit", was al wat hy wou sê. Prof. Fensham wou, sonder die goedkeuring van prof. De Villiers, ook geen kommentaar lewer nie.**

# *Studente gevra om Neelsie skoon te hou*

DIE veldtog om die Neelsie skoon te hou is reeds lank aan die gang, maar sukkel om op dreef te kom as gevolg van te min samewerking deur die studente.

Volgens mnr. Francois Sieberhagen, SR-lid vir die LSS, is daar nie genoeg geld beskikbaar om 'n voltydse skoonmaker vir die Neelsie aan te stel nie. As so 'n stap wel geneem word, sal die prys van koffie na 35c moet styg.

Die koffieprys sal heel eerste geraak word, omdat dit die item is waarvan die meeste verkoop word.

Mnr. Sieberhagen het gesê dat hy 'n trots op die Neelsie onder die studente mis. "Die Neelsie is gebou vir die studente. As hulle dit nie behandel soos hulle moet nie, sal hulle baie moet betaal."

As daar nie 'n definitiewe verbetering kom in die studente se houding nie, sal die beheerkomitee van die Neelsie gedwing word om die prys van koffie te verhoog.

'n Paar studente het gekla dat daar baie selde asbakke op die tafels is en dus gebruik hulle die vloer vir hulle as en sigaretstompies. Mnr. Sieberhagen het gesê dat dit moontlik die geval is, maar dat daar altyd genoeg leë blikkies rondstaan om vir dié doel te gebruik.

Behalwe die gemors deur die studente, is die versuim om skinkborde te bêre 'n probleem. "Die trollies is altyd binne loopafstand, en daar is meer as genoeg trollies," het mnr. Sieberhagen gesê.


Daar is tans 'n verskerpte poging onder die personeel om die trollies so gou as moontlik nadat hulle vol geraak het, leeg te maak.

Die studente steur hulle nie aan die plakkate wat in die Neelsie opgeplak word wat hulle vra om die Neelsie skoon te hou nie. Volgens mnr. Sieberhagen word sy posisie op die beheerkomitee sodoende bemoeilik.

Sy bedingingsmag word afgetakel omdat die studente so baie mors. "Dit is egter net sekere groepe studente wat mors," het mnr. Sieberhagen gesê.

Daar word baie klagtes oor die Neelsie ontvang, en die beheerkomitee is bewus van hulle. Dinge soos die grootte van porsies en die feit dat daar baiemaal nie by die spyskaart gehou word nie, word ondersoek. Dit is gewoonlik praktiese probleme, het mnr. Sieberhagen gesê.

Daar sal binnekort ekstra koffiepunte in die Neelsie ingerig word. Op hierdie plekke sal net koffie verkoop word om die druk van die ander verkooppunte af te neem.



Helderberg se nuwe koshuistrofee-karretjie is Saterdag op feestelike wyse met vonkelwyn ingewy. By mev. Fensham, wat die inwyding behartig het, staan die primarius van Helderberg, mnr. Leon Halgryn.

Helderberg se vorige karretjie is in September verlede jaar deur 'n groep Wilgenhoffers uitgebrand. Wilgenhof het toe R500 betaal vir die skade, en dié bedrag is nou gebruik om 'n "nuwe" karretjie aan te skaf.

*(Sien berig op bl. 14.)*

# Vrye gesprek word deel van SP-beleid

DIE Studenteparlement van die Universiteit van Stellenbosch het die beginsel van "vrye en onvoorwaardelike gesprek met enige groep" as deel van sy beleid aanvaar. Dit sluit ook onvoorwaardelike gesprek met die verbode African National Congress in.

Dit is die gevolg van 'n mosie wat tydens die SP-vergadering van 30 April met 32 stemme teen 19 aanvaar is. Vier SP-lede het buite stemming gebly. Die mosie, wat deur die SR-lid vir Karnaval, mnr. Johan Bell, ingedien is, lui as volg:

"Dat die SP

(1) Vrye en onvoorwaardelike gesprek met enige groep of persone voorstaan;

(2) voel dat in die soeke na oplossings vir die RSA se politieke probleme die regering met alle partye en persone in die land onvoorwaardelik gesprek moet voer;

(3) dit sou verwelkom indien beide die ANC en die regering hulle bereid verklaar om onvoorwaardelik gesprek met mekaar te voer;

(4) dit betreur dat Oliver Tambo se gesprek op Nightline nie deur die SAUK vir Suid-Afrikaanse kykers uitgesaai is nie".

Die feit dat die mosie reeds in die kiesafdelings gedebatteer is, het tot gevolg gehad dat daar nie 'n lang debat oor die mosie in die Studen-

*(Vervolg op bl. 17)*

# Studentehof verwerp Bell se aansoek teen Monster

DIE Studentehof het die aansoek van mnr. Johan Bell, SR-lid vir Karnaval, waarvolgens die geldigheid van die eerste mosie op die onlangse Monstervergadering betwis word, eenparig verwerp. Dié mosie gee aan 'n tweederde-meerderheid van die SP die bevoegdheid om die grondwet van die Studente-unie te verander.

Mnr. Hennie Bester en me. Maritza Uys, die regsverteenwoordigers van mnr. Bell, het geëis dat die eerste mosie, wat deur mnr. Derick de Villiers, SR-lid vir Verenigings voorgestel is (en met 'n oorweldigende meerderheid aanvaar is), verwerp word. Alternatiewelik is geeis dat al die besluite op dié monstervergadering geneem ongeldig verklaar word.

Die aansoek is teengestaan deur mnr. Bernard de Wet. Sy regsverteenwoordigers, mnre. E. Brincker en J. Veldsman, het aangevoer dat mnr. De Villiers se mosie sowel as die vergadering in geheel geldig is. Mnr. De Villiers se mosie stel die Studenteparlement in staat om slegs met 'n tweederde-meerderheid veranderinge aan die Grondwet van die Studente-unie te maak sonder dat 'n monstervergadering of 'n referendum se besluit vereis word.

Die twispunt het gewentel om die optrede van mnr. Le Roux van der Westhuizen, voorsitter van die SR, op die aand van die Monstervergadering. Mnr. Van der Westhuizen het 'n punt van orde, gestel deur die onder-voorsitter van die Studenteraad,

*(Vervolg op bl. 4)*

# 'Doop'-ondersoek klaar — verslag dien voor Raad


**DIE kommissie van ondersoek wat aangestel is om te kyk na beweerde 'doop'-wanpraktyke, het hulle werk voltooi.**

**Die verslag wat deur die kommissie opgestel is, sal op 17 Mei voor die Raad van die Universiteit van Stellenbosch dien.**

**Volgens prof. H.J. Erasmus, dekaan van die Regsfakulteit, is die kommissie deur die Raad aangestel en omdat die koshuise onder die Raad ressorteer, moet hulle op die verslag reageer.**

**Daar kan nog geen voorspellings gemaak word oor hoe die Raad sal reageer nie en of hulle die status quo gaan behou of wel veranderinge gaan aanbring as gevolg van die verslag nie, het prof. Erasmus gesê.**

**Prof. Erasmus het gehelp met die inwin van inligting vir die kommissie op Stellenbosch.**



Veelrassige kampus by Wits. Nie meer slegs 'n moontlikheid van die toekoms nie. Wel 'n probleem vir die hede . . .

# WITS

# Integrasie is in S.A. se langtermynbelang

JOHANNESBURG — Die Administrasie van die Universiteit van die Witwatersrand, wat self in beheer is van die toelatingsbeleid van dié universiteit, is van mening dat die integrasie van Wits in Suid-Afrika se langtermynbelang is. Hierdie standpunt huldig die Administrasie ten spyte van grootskaalse probleme wat tans op akademiese en sosiale vlak as gevolg van integrasie ondervind word.

Volgens prof. Mervyn Shear, Vise-kanselier rakende Studentebelange, is die Administrasie van mening dat om verskillende rassegroepe op kampus geïntegreerd te laat saamwoon, saam te laat eet en saam fasiliteite te laat gebruik, die beste manier is om mense voor te berei vir 'n geïntegreerde samelewing.

## Gesegregeer

In praktyk is dit egter nie so eenvoudig nie. Volgens die Groepsgebiedewet moet koshuise gesegregeer bly al glo die Administrasie dat spanning op kampus geminimaliseer sal word as mense saam woon en saam werk. Die regering word steeds deur Administrasie gevra om Wits vry te stel van die Groepsgebiedewet, aldus Kanselier Karl Tober.

Ten spyte van hierdie uitlatings van lede van die Administrasie is studente wat lede is van die Black Students Society (BSS) hertoelating tot koshuise geweier, al het hulle al hul kursusse verlede jaar geslaag. Volgens die studentekoerant van Wits, *Wits Student*, het die BSS aangedring op 'n verduideliking, maar hulle is meegedeel dat die universiteit onder geen verpligting is om redes te verstrek nie.

Daar word verder in *Wits Student* beweer dat alternatiewe akkommodasie wel voorsien is. Dit beteken dat die studente in Soweto moet bly. As gevolg van die baie moeilike omstandighede en vervoerprobleme is dit feitlik onmoontlik vir hierdie studente om lesings by te woon.

## Verbied

Op navraag het die voorsitter van die SR van Wits, mnr. Grant Rex, aan *Die Matie* gesê dat daar wel vir huisvesting vir die studente voorsiening gemaak is, in of om die kampus.

Die voorsitter van die BSS, Chris Ngcopo, het egter aan *Die Matie* gesê dat daar nog steeds akkommodasie gesoek word vir sommige van die studente. Hoewel hulle soms geskikte blyplek kry, word hulle as gevolg van die Groepsgebiedewet verbied om daar te bly. Hy kan ook nie verklaar waarom die studente toelating geweier is nie. Suspisie is dat dit die gevolg is van die Black Students Raid, wat in Soweto plaasgevind het.

Ander sosiale probleme word ook ondervind as gevolg van integrasie. Volgens 'n berig in 'n bylae van die *Financial Mail* oor Wits, voel sommige blanke studente en hul ouers dat die karakter van Wits deur integrasie bedreig word.

Verder weier sommige swart studente om aan studente-aktiwiteite deel te neem, ten spyte daarvan dat alle fasiliteite vir almal oop is. Hierdie studente meen dat deur deelname aan studente-aktiwiteite swartes buite die universiteit, wat nie dieselfde geleenthede het nie, verraai word.

Mnr. Ngcobo het aan *Die Matie* gesê dat daar tans baie gekonsentreer word op die doen en late van die BSS op Wits. Die Veiligheidspolisie het op 19 Februarie die kantore van die BSS deursoek. Smeerpamflette wat die BSS se affiliasie met die UDF aanval, is op die kampus versprei.

Mnr. Ngcobo het in 'n telefoniese onderhoud met *Die Matie* beweer dat hierdie konsentrasie die gevolg is van die manier waarop studente van die BSS georganiseer is. "Hulle is met die United Democratic Front geaffilieer en die owerheid wil die UDF ondermyn," sê hy.

## Vreedsaam

Mnr. Grant Rex het aan *Die Matie* gesê dat die SR wel baie aandag aan die BSS skenk, maar nie meer as aan ander organisasies nie. Hy sê die BSS is wettig en *bona fide* en hulle is geregtig daarop om hul menings op kampus op enige vreedsame manier te laat geld, solank dit binne die grense van die algemene reëls van die universiteit bly. "Die infiltrasie van die BSS en ander soortgelyke aktiwiteite is nie van die SR afkomstig nie, maar van die Veiligheidspolisie," aldus mnr. Rex.

## Standaarde

Ernstige akademiese probleme ontstaan ook omdat swart studente met hul aankoms by die universiteit nie toegerus is om in 'n universiteitsomgewing mee te ding nie. Opvoedkundiges skryf hierdie probleem toe aan die feit dat standaarde in wit skole hoër is as in swart skole. Verder ondervind swart studente probleme met Engels, omdat hul skoolonderrig in hul eie tale was. Hieruit volg ook dat kulturele waardes wat oorheersend is op Wits, vir swartes vreemd is.

## Kriteria

Administrasie probeer om die lae slaagsyfer van swart studente op twee maniere op te los. Kriteria vir die toelating van studente word in heroorweging geneem en sg. "brug"-programme word aangebied om swartes te help om by die universiteitslewe aan te pas.



Prof. Karl Tober

Vir die eerste keer in die geskiedenis van Wits, word toelatingstoetse deur voornemende studente wat gemiddeld op skool presteer het, geskryf. Voornemende studente met uitstaande goeie matriekresultate word outomaties toegelaat, terwyl dié met swak matriekuitslae outomaties afgewys word.

## Suspisieus

Swart studente is suspisieus oor hierdie toelatingstoets. Mnr. Ngcobo sê: "Ons glo dat daar mense is wat nie swartes by Wits wil hê nie. Hierdie toetse word gebruik om teen swart studente te diskrimineer." Prof. Shear ontken hierdie bewering ten sterkste. Hy sê dat daar geen voorneme is om swart studente uit te sluit nie. Volgens hom word daar in die toets net gepoog om die potensiaal van studente, wat nie so goed as wat hulle in staat is in hul eksamens gedoen het nie, te bekom.

## Twyfel

Oor die effektiwiteit van die "brug"-programme bestaan daar twyfel onder swart studente. "Baie swart studente sukkel met die programme," sê mnr. Ngcobo. Hy skryf dit toe aan die manier waarop die programme ontwerp is. Volgens hom moet swartes geraadpleeg word voor die programme opgestel word: "In die meeste wit instellings verstaan hulle nie ons kulturele agtergrond nie. Hulle neig om kwessies soos die handhawing van wit Westerse standaarde te beklemtoon. Ek dink dit is waar hulle faal om baie swart studente te verstaan."

# Boikot en onmin by Kweekskool

Faan Herholdt

BELLVILLE — Studente van die Teologiese Skool van die Universiteit van Wes-Kaapland, boikot tans klasse omdat hulle 'n lektor se bedanking eis. Daar word gevrees dat hierdie aksie ernstiger gevolge kan hê as wat baie mense sal kan voorsien.

'n Lid van die Teologiestudenteliggaam, Koinonia, het in 'n telefoniese onderhoud met *Die Matie* die verloop van die klasboikot geskets. Volgens hom het 'n vertrouenskrisis tussen Koinonia en die lektor in Kerkreg, ds. Dawid Botha, ontstaan nadat hy die minister van Wet en Orde, mnr. Louis le Grange, gaan spreek het insake die gerugte rondom dr. Allan Boesak. *Die Matie* verneem dat ds. Botha mnr. Le Grange gaan spreek het om inligting te verkry hieroor, aangesien hy nie 'n persoonlike onderhoud met dr. Boesak betyds kon kry nie.

## Ontstig

Koinonia het 'n spesiale vergadering belê waarop die koerantberiggewing in sake ds. Botha se gesprek met mnr. Le Grange bespreek kon word. Op 20 April het hulle op 'n klasboikot van ds. Botha se lesings besluit. Die studente was ook ontstig deur gerugte dat hierdie tipe optrede hul beurse in gedrang sou kon bring. Alle beurse is egter onvoorwaardelik uitbetaal.

Op 22 Februarie het die studente 'n brief aan die beherende liggaam van die Kweekskool, die Kuratorium, gerig, waarin hulle die redes uiteengesit het vir hul boikot van ds. Botha se klasse. Hulle het daarin gesê dat "'n vertrouenskrisis" ontstaan het na sy besoek aan die minister.

Die Kuratorium het geantwoord deur te sê dat ds. Botha die wettig-aangestelde lektor in Kerkreg is, en dat hulle hoegenaamd nie hul weg oopsien om hom van sy pos te onthef nie. Daar het drie keer verdere samesprekings gevolg tussen Koinonia en die Kuratorium, maar hulle kon nie tot 'n bevredigende vergelyk kom nie.

Op 30 April het die studente op 'n algemene klasboikot besluit. Hulle het gesê dat ds. Botha se besoek aan die minister vir hulle 'n "wesenlik belangrike" saak is, en dat Koinonia hul boikot sal voortsit tot tyd en wyl 'n nuwe lektor aangestel is. Hulle het daarna by wyse van 'n prosessie die besluit aan ds. Botha gaan oordra.

## Oplossing

Die studente het betoog buitekant die Sendingkerk se administratiewe hoofkantoor in Belhar. Op 3 Mei het hulle ook 'n betoging by die kampushekke in Modderdamweg gehou.

Daar word met groot spanning uitgesien na 'n bevredigende oplossing vir die saak. Enersyds verkeer die studente onder groot druk vanuit verskeie oorde om 'n konsekwente getuienis te lewer, terwyl daar verwag kan word dat die Kuratorium nie vir ds. Botha van sy pos sal onthef nie. Ds. Botha was vroeër Moderator van die Sendingkerk, en sy afdanking kan moontlik ernstige reperkussies hê.

# Kritiek op Jool lei tot ontslag

PORT ELIZABETH — Die redakteur van die koerant van die Port Elizabethse Technikon en studenteraadslid, is uit sy pos as redakteur ontslaan en gevra om as studenteraadslid te bedank. Dit was nadat hy in 'n artikel in die koerant die gevolgtrekking gemaak het dat byna al die geld wat met die jool vir liefdadigheid ingesamel is, deur die studente self aan "studentepret" bestee is.

Mnr. Anton Kotze, redakteur van *Kampus Forum*, het op aandrang van die Studenteraad as lid bedank. Volgens die gewraakte artikel in *Kampus Forum* is van die R15 886 wat met verlede jaar se jool ingesamel is, net R661 oor om aan liefdadigheidsorganisasies te skenk.

Die geld is gebruik om 'n kroningsbal, 'n rock-opera en 'n "fuifparty" te finansier. Die grootste deel van die geld wat met die jool ingesamel is, is gebruik vir kampus-aktiwiteite, onder meer vir 'n bierfees waar drank en kos aan studente bedien is wat aan vlotte vir die jooloptog gewerk het, aldus die artikel.

Prof. D.P. Veldsman, rektor van die Technikon, het gister gesê mnr. Kotze is gevra om te bedank nadat die Studenteraad besluit het dat die gevolgtrekking waartoe mnr. Kotze in sy artikel kom, 'n wanvoorstelling is. Mnr. Kotze het ook nie die toestemming van die Studenteraad verkry om die artikel te plaas nie.

Volgens prof. Veldsman is geld met verlede jaar se jool net met geldbussies op jooldag self ingesamel. Sowat R1 100 is só ingesamel. Die R661 wat tans beskikbaar is vir liefdadigheid, is 60 persent daarvan. Die orige veertig persent is aan administrasiekoste, wat volgens wetgewing toelaatbaar is, bestee.

"Die sowat R15 000 wat gebruik is om ander joolaktiwiteite, soos 'n reuse-biertent, aan te bied, is verhaal deur onder meer toegangsgeld te vra. Dié bedrywighede is nie gehou om geld vir liefdadigheid in te samel nie, maar was bloot joolaktiwiteite. Die tent het egter twee keer omgewaai en pleks van 'n wins te maak, is 'n klein verlies gely," het prof. Veldsman gesê.

# An (fanatic)ism or an art?

Lynne Stuart

JOHANNESBURG — A third year Art student from the Witwatersrand Technikon, Mr Russel Nevin-Scott, was acquitted on a charge of contravening the Animal Welfare Act. He appeared in the Johannesburg Regional Court on 15 April.

Magistrate D. Dafel ruled that Mr Scott did not "torture, terrify or ill-treat" the rabbit when he killed it as part of a project to illustrate killing for food. Ms P. Hobbs, Fine Arts lecturer at the Witwatersrand Technikon, described the accused as a "serious student" who "presented quality work". She gave the class the controversial project that required a "photo-etching" sketchbook of a perceptual or conceptual episode from the students' vacation.

## Fanatical

Mr Scott was initially loathe to grant an interview to *Die Matie*, as he feels he has reason to be anti-reporters. Staff of a certain Johannesburg newspaper had gained access to him and his flat with false promises of covering his work in an "artist's profile".

They then joined the ranks of other newswriters who had instigated published reports which Mr Scott described as "hypocritical and fanatical". Inevitable public reaction was shown by his comment: "I have even received threatening hate-mail from Cape Town, accusing me of everything from insensitivity to sexism and racism!"

He explained that if he had wanted to express his feelings with words he would not have created a visual art project. "It is difficult for any newspaper to review my work and the preparation thereof within the limitations of a written article," Mr Scott said.




Mr Scott decided to portray the killing and skinning of a rabbit, since he comes from a farming background. After he bought the animal from a pet shop and cared for it for ten days, he killed it by means of a single blow to its head. Mr Scott used a spanner for the *coup de grâce*.

This crime took place in the presence of four staff members and two students who were taking photographs. They used the fur in a sculpture, while Mr Scott shared the meat with a friend.

He testified in court that he used the spanner, since "it was an unusual but decisive weapon. The whole thing was the same as the slaughtering of a rabbit in an abattoir". Mr Scott received a distinction for the work entitled: "You must kill to eat".

## Banned

The head of the Arts Department, Mr H. Boshoff, testified that there were a number of rumours and complaints after the incident. An initial accusation of killing an animal in an unhygienic place was changed by SPCA supporters to a charge of cruelty and torture to animals.

After being banned from using the art workshop, Mr Scott was allowed re-entry because of a satisfactory explanation for his much questioned behaviour. Mr Boshoff said that he had asked the accused to please refrain from killing any more animals at the technikon.

Quite apart from the negative effect which alleged biased reports have had on him personally because of their attempts to become moral guides for readers, he feels that their lack of objectivity tends to question the correctness of the court ruling and the justice of authoritative law for the people.




Me. Deidré Lubbe is die 1985 Mej. Helshoogte-opedag. By haar staan haar twee prinsesse, Lize Wolfaardt en Melinda Bruwer.

# *Onderwaterklub bied aksie en ontspanning*

DIE ONDERWATERKLUB ROEM: "We do it underwater."

Die klub funksioneer beide as 'n sportklub en 'n vereniging en daarom verskaf dit nie net kompetisie en opleiding nie, maar ook sosiale afleiding.

**FOKUS OP . . . .**

Die drie onderwateraktiwiteite wat deur die ongeveer 140 lede beoefen word, is Scuba-duik, onderwaterhokkie en visskiet. By die jaarlikse SAU-toernooi, waar in aldrie aktiwiteite meegeding word, was die Stellenbosse klub die afgelope ses jaar die wenners.

### Scuba

Scuba (Self-contained underwater breathing apparatus)-duik word vir plesier en op 'n kompetisiebasis gedoen. Daar word hierna verwys as Scuba-oriëntering. Dié kompetisies vind gewoonlik in 'n troebel dam plaas en daar word van die duiker verwag om 'n voorafbepaalde roete te volg. Die duiker moet met 'n kompas en 'n afstandmeter as hulpmiddele, rondom boeie swem. Verskeie lede van die klub het al die WP in sulke kompetisies verteenwoordig.

Die onderwaterhokkie het moontlik ontstaan omdat duikers moet fiks bly. Elke wedstryd duur ongeveer 20 minute en word beheer deur 'n skeidsregter wat self ook in die water is. Daar is ses spelers in 'n span. Die ideale swembaddiepte vir die beoefening van die sport is 2½ tot 3 meter. Die spel het betreklik min reëls, maar basiese beginsels, soos dat die stok met twee hande vasgehou moet word, moet gehoorsaam word. Daar vind jaarliks 'n landwye interklubtoernooi plaas en die klubspan was tydens die 1984-toernooi in Bloemfontein, die wenners by hul liga. By die toernooi het daar ook 'n damespan van die klub deelgeneem. Spelers kan ook gedurende die tweede semester aan die winterliga in die WP deelneem. Vyf klubspelers, twee vroue en drie mans, het dan reeds die WP in onderwaterhokkie verteenwoordig.

### Visskiet

Net soos Scuba-duik, word visskiet ook op kompetisievlak aangebied. Die plek waar geduik word, word gewoonlik deur die weersomstandighede bepaal. Tydens 'n kompetisie moet 'n duiker vis, wat aan sekere standaarde voldoen, skiet. Daar mag ook nie meer as twee visse van 'n spesie geskiet word nie. Die puntetoekenning berus op die hoeveelheid en grootte van die vis wat geskiet is. Die span wat die klub by die SAU-toernooi verteenwoordig, word tydens interne klubkompetisies gekies.

Die drie aktiwiteite, gekombineer met onderwater-fotografie, maak deel uit van 'n kompetisie vir alle klublede waarin die veelsydigste duikers gesoek word.

Die klub verskaf jaarliks opleiding deur middel van

*(Vervolg op bl. 20)*

*OPEDAG*

# Helshoogte lok baie met slim reklameset

HELSHOOGTE het met sy *Winston*-opedag op die 27ste April die res van die kampus met alles waaraan jy kan dink, onthaal: van 'n straatmyl, deur 'n eiervangkompetisie, tot by 'n dans die aand.

### Ongeluk

Opedag het vroeg die week al afgeskop met 'n reklameset voor die B.J. Vorster. 'n "Grusame ongeluk" het 'n paar dames lelik laat skrik toe hulle klasse uitgekom het. Sonder enige twyfel het die sewe bottels tamatiesous tot die skouspelagtigheid daarvan bygedra. As dit ooit die doel was om mense oor Helshoogte se opedag te laat praat, het die reklameset gewis in sy doel geslaag.

### Kompetisies

Die kampusmyl, wat vroeg die oggend reeds gehardloop is, is deur Elana van Zyl en Sève van Coller gewen. Hierna was dit tyd vir al die lawwighede soos eiergooien sigaretrookkompetisies, terwyl die braaiers hulle begin regmaak het vir die braaikompetisie voor die koshuis.

Deur die loop van die dag is mej. Helshoogte aangewys. Sy is Deidré Lubbe. Haar prinsesse vir die dag was Lize Wolfaardt en Melinda Bruwer.

Vir aandete het al die "hoenders" en gaste saam 'n heerlike hoenderete genuttig.

By die dans het die orkes "Sounds Incorporated" met hulle heerlike musiek die geleentheid aan almal gebied om hulle passies te maak.

Mnr. Gerrit Sieberhagen, die HK-lid wat die dag gereël het, voel dat die dag beslis in sy doel geslaag het. Dit het aan die Helshoogtehuislede die kans gegun om met die res van die kampus om te gaan. Verder belowe hy dat die dag beslis weer aanstaande jaar op die sosiale kalender sal wees.



Edouard, Yanik and Benoit during their interview.

# Visitors pick up Afrikaans

TO be French, dark and tall spells danger. But when you get to speak to our three French Maties, you'll find them to be the charming continental, not the charismatic Casanova as usually portrayed.

Yanik Lherbien, Edouard Gestat and Benoit van Hille have just completed four years of agricultural education at the University of Liooe, in the Northern part of France. To graduate, they need to do 6 months of practical training, anywhere in the world where they can find suitable employment.

After Dean H.A. Louw, from the Stellenbosch Agricultural Faculty, visited their university last year, he had arranged this opportunity for them. And voila . . .

When they get back home, they have to hand in a report on the work they've done, and also undergo an oral examination.

The three of them have known each other over their four years at Liooe, a place which they consider the environment to be very similar to Stellenbosch's, except that most students out there stay in the city, and not amongst other students as seen here.

They were under the impression that most people are English-speaking, and have been at a bit of a loss with the Afrikaans at first. Nevertheless, after only one week, they already know how to say "Vergenoeg" (Whieghinoghe), "ek praat nie Afrikaans nie," and "skiestog" (iskwietoe).

According to them, the average French student know nothing about South Africa, but for Apartheid.

The three of them will still be at Stellenbosch till October, after which they will travel the country for three weeks before returning to Europe.




*RADIO MATIE Week is in full swing. The aim of this promotional week is to create an awareness of and enthusiasm for the station. Radio Matie is run by students, for students (for those of you who don't swot Neelsiekunde).*

*For the first time Radio Matie is broadcasting from within the Neelsie. Students can win prizes ranging from cigarettes to clothing vouchers by answering questions concerning music. The organizer of the week, Ms Karin Seydel, says that a student may only win one prize per day. Radio Matie sweaters are on sale at R15, between twelve and two at the upstairs office.*

*A dynamic programme, boasting a variety of events, has been organized. Yesterday a pizza-eating competition (sponsored by OK and Today's Frozen Foods) took place in the Neelsie Walkway. The competitors' determination and appetites convinced the by-standers that they have either been on a starvation-diet for a week, or were aiming for the Guinness Book of Records.*

*Today, students will model clothing from the local boutiques Johann Brink, Anleo's and Venetti in the Neelsie at lunch time. Entrance fee is free, but tickets will be distributed and these lucky numbers will win clothing vouchers — a great opportunity to revamp the winter wardrobe.*

*In conjunction with a sponsor, Mountain Records, Radio Matie is staging a concert by Coenie de Villiers at the H.B. Thom theatre on Friday 10 May. Coenie de Villiers, an announcer at Radio Good Hope, is not just a run-of-the-mill singer, but an artist with a variety of musical talents, ranging from Jazz and Pop to Folk songs.*

*According to Ms Seydel, his lyrics (some of which were written by Pieter-Dirk Uys) reflect a witty and original approach and were incorporated by Hennie Aucamp in his cabaret "Slegs vir Almal". Tickets will be available at the door at a mere R4 — the idea being to cover costs, not to make a profit.*

*Traditionally, Radio Matie Week reaches a climax at the Radio Matie Dance. This year's dance promises to be no exception. The venue is a barn at Weltevreden. Wine, food (a braai) and music will be provided. These ingredients guarantee a successful evening. The evening will commence around 19h00 and dress is informal. The sponsors of Radio Matie Week, Winston and Mountain Records, have been invited.*

*Tickets are obtainable from the SRC office at R5,50 for a single ticket and R10 per couple, all inclusive.*

# Harmonie skoffel Elsenburg onder stof

DIE naweek van 26-27 April het Harmonie en Elsenburg 'n sokkiemarathon gehou om geld in te samel vir die Harmonie-huisdans. Veertien dames het Vrydagmiddag teen vieruur bo die Neelsie se loopgang begin sokkie. Hulle is vir die daaropvolgende 24 uur bygestaan deur veertien Elsenburgers. Vrywilligers wat die sokkie in die Gat bygewoon het, het hulle deurgaans afgelos.

Fondse is vanaf borge en deur donasies verkry, maar die totale bedrag ingesamel was by die ter perse gaan nog nie bekend nie.



Ruda Landman, die eerste Afrikaanse vrou om televisienuus te lees, en redaksielid van die tydskrif *Sarie*, het op Donderdag 25 April haar oud-koshuis, Huis ten Bosch, besoek. Me. Landman was in 1975 primaria van dié koshuis en het daardie jaar haar honneursgraad in Engels verwerf.

Nadat sy deur die prinsipale en huiskomitee met 'n teepartytjie getrakteer is, het sy na al die vernuwings wat na die brand in 1983 aangebring is, gaan kyk. Op die foto blaai sy en die huidige primaria, Carin Erasmus, deur 'n album met foto's en koerantuitknipsels oor die brand.

**VERLOOFRINGE**

**SPESIALE AANBOD!**
Gratis 18ct troupand waarde R150,00 met elke verloofring van R500 of meer.

***Groot verskeidenheid diamante, monterings en verloofringe teen afslagpryse direk aan die publiek. Elke ring met volledige Waarborg en Waardasie Sertifikaat.***

*SPECTRA DIAMANTE*
Sabelsentrum 7 Tel 975552
h/v Durban & Voortrekkerweg Bellville

# Militêre diens is onredelik

DIE Suid-Afrikaanse Weermag moet eerder uit 'n kern van professionele soldate, aangevul deur vrywillige korttermynsoldate, saamgestel word, het Sir Richard Luyt, gewese rektor van die Universiteit van Kaapstad op 'n SAAK-vergadering gesê.

"Die Weermag moet dieselfde rassesamestelling hê as die gemeenskap in sy geheel. Hoe kan die ander rasse respek hê vir 'n weermag wat bykans net uit blankes bestaan?" het Sir Richard gevra.

### Outomaties

"Dit is nie reg of redelik om van jong mans in ons heterogene samelewing te verwag om verpligte militêre diens te doen nie. Dit is ook in beginsel verkeerd dat 'n blanke weermag gebruik word om die regering se beleid uit te voer. Hierdeur word alle blankes outomaties aan die regering en sy beleid gekoppel, selfs al stem hulle nie daarmee saam nie."

"Elke Suid-Afrikaner behoort self te kan besluit of 'n oorlog regverdigbaar is of nie. As die saak waarvoor geveg word regverdig is, sal die gemeenskap dit wel steun. Soos in die twee wêreldoorloë sal daar dan genoeg vrywilligers na vore kom om te veg."

### Konflik

Op dieselfde vergadering het regter M.T. Steyn, gewese Administrateur-generaal van Suidwes-Afrika en huidige voorsitter van die Vrystellingsraad, gesê dat verpligte militêre diens 'n konflik in die samelewing kan veroorsaak.

Enersyds bestaan daar 'n wederkerige regspligtige verhouding tussen die individu en die staat. "Die staat moet die samelewing dien, maar het wel die reg om mense in belang van die gemeenskap op te roep. Andersyds is die beginsel van geloofsvryheid diep in ons samelewing gewortel."

### Gevaar

"Indien die staat geloofsbesware ignoreer, verswak hy een van die pilare wat die samelewing stut. Sodoende word die waardestelsel van die gemeenskap ondermyn. Godsdiensvryheid is egter nie absoluut nie; indien dit 'n gevaar vir die samelewing inhou, word dit verbied."

Voor 1983 is 'n persoon met geloofsbesware aan 'n objektiewe toets onderwerp. Indien hy 'n lid van een van die vredeskerke was, is hy as 'n geloofsbeswaarder geklassifiseer.


Sedert 1983 besluit die Raad, wat uit vier teoloë en een offisier bestaan, op grond van 'n persoon se innerlike oortuiging of sy geloofsbesware geldig is. Indien dit wel geldig is word die persoon verplig om ses jaar ononderbroke gemeenskapsdiens te verrig.

Sir Richard het gesê dat voorsienings vir godsdienstige besware alleen nie voldoende is nie. "Verskeie groot manne met diep morele oortuigings is nie godsdienstig nie. Sulke mense het onder die huidige bedeling geen kans om guns in die oë van die raad te vind nie."

### Tronkstraf

Die definisie van godsdiens word volgens regter Steyn deur die Raad gedefinieer as "'n geloof in 'n opperwese of -weses van 'n hoër natuur."' Dié formulering is deur die Raad na die hooggeregshof verwys om te besluit of dit so eng gesien moet word. Indien bevind word dat dit wel te eng is, sal 'n nuwe definisie gevolg word wat sê dat godsdiens "enige opreggevoelde oortuiging" is. Enige persoon met morele of politieke besware sal dan alternatiewe gemeenskapsdiens kan verrig.

Huidiglik moet elke man wat op morele of politieke gronde weier om diensplig te verrig, 'n ses jaar tronkstraf uitdien. Ook die Burgermaglede wat net vir enkele dae opgeroep word sal agtien maande in die tronk moet deurbring indien hulle weier om aan te meld, het regter Steyn gesê.




Regter M.T. Steyn tydens die SAAK-vergadering wat Maandag in die Wilcocks-gebou plaasgevind het. Die tema daarvan was *Besware teen Diensplig in die SAW.*

## Studentehof

(Vervolg van bl. 1)

me. Annami Oosthuysen, wat die geldigheid van al drie mosies betwis het, verwerp.

Volgens mnr. Bester het mnr. Van der Westhuizen buite sy regte opgetree. Sy argument was dat die voorsitter van die monstervergadering se diskresie beperk is deur 'n algemeen-geldende Administratiefregreël wat bepaal dat besluitneming oor 'n mosie wat buite die gepubliseerde doel van 'n monstervergadering val, nie geldig is nie.

Die Studentehof het egter beslis dat die bepaling nie geld nie, omdat die Grondwet van die Studente-unie ruimte daarvoor laat. Verder het mnr. Brincker die hof daarop gewys dat mosies oor diverse aangeleenthede in die verlede vir 'n enkele monstervergadering aanvaar is.

Ter ondersteuning van die alternatiewe aansoek het mnr. Bester die Hof oortuig dat die sluitingstyd vir mosies en die tyd waarop die kennisgewing oor die monstervergadering aangekondig is, die perk soos deur die Grondwet gestel, oorskrei het. Ook is die plek van die vergadering verkeerdelik aangedui as "die Gat, LSS" in plaas van die D.F. Malan-sentrum.

Die Hof het die doel van die organisatoriese reëls ondersoek en bevind dat, ten spyte van die nie-nakoming van dié reëls, die administratiewe doelwitte tog bereik is. Op grond hiervan is besluit dat die oortreding van die reëls in hierdie geval nie genoeg is om die beslissings van die Monstervergadering ongeldig te maak nie.

Die Hof het "sy sterk afkeer" uitgespreek teen die "amptenare betrokke by die gee van die kennisgewing". Volgens die uitspraak "toon dié optrede onreëlmatigheid in al die genoemde maniere. Optrede van dié aard skep 'n wantroue, asook 'n wantroue ten opsigte van die bevoegdheid van die betrokke amptenare".

Mnr. Niël van der Merwe, sekretaris van die SR en die persoon wat die administratiewe reëlings vir die Monstervergadering getref het, wou geen kommentaar lewer nie.

# Operasie Honger voed behoeftiges

OPERASIE HONGER, gestig in Oktober 1980, samel fondse in om noodsaaklike voedsel vir behoeftiges aan te koop.

Nadat die eerste organisasie onder die beskerming van die Instituut vir Rasseverhoudinge in Johannesburg begin funksioneer het, het daar vrywillige diensorganisasies in onder meer die Ciskei, Noord-Kaapland en Suidoos-Vrystaat ontstaan.

Operasie Honger het 'n tweeledige hoofdoel: eerstens om mense, veral kinders, te help oorleef in tye van hongersnood, en tweedens om behoeftiges te leer om hulself te help. Daar word byvoorbeeld groentesaad verskaf waarmee hulle self groente kan kweek.

Sodoende het Operasie Honger reeds werk van onskatbare waarde dwarsdeur Suid-Afrika, maar in besonder in die "tuislande", verrig.

In 1982 was Operasie Honger reeds aktief betrokke in KwaZulu, en het met R12 000 omtrent 22 000 mense daar gevoed. Die meeste van hulle was voorskoolse kinders, en vir hulle was die sop en soja deur Operasie Honger voorsien dikwels die enigste maaltyd van die dag.

In KwaZulu is toe ook maandelikse voedselpakkette versprei aan 641 families. In Dennilton is 'n projek aangepak waar vroue ou skooluniforms herstel het en dit dan teen 'n baie lae koste verkoop het.

1983 was die jaar van groot droogtes oor groot dele van Suid-Afrika. Die droogte het die bronne van Operasie Honger uitgeput en nuwe fondse was dringend benodig.

In 1984 het Operasie Honger groot finansiële probleme gekry, en waar hulle nou reeds vier jaar in die tuislande aktief was, sou dit 'n absolute ramp afgee as hulle nou moes onttrek. In die *Sowetan* van 10 Maart het mnr. W. Campbell, streeksekretaris van die Suidelike Lebowa Hospitale, oor Lebowa gesê: "Operation Hunger has stood between the lives and deaths of people here and its end will be catastrophic."

Operasie Honger het groot skulde gehad om voor die einde van 1984 op te klaar en het al sy voedselaankope stopgesit. Dit sou hulpbehoewende dele regoor Suid-Afrika affekteer — Gazankulu, Lebowa, Kwanabele, Bophuthatswana, Ciskei, OVS, KwaZulu, Noord-Kaap en dele van die Rand.

Toe is die Business Action Committee (BAC) gestig wat uit 'n groep bekende sakemanne (o.a. mnr. Raymond Ackerman) bestaan het en binne 10 dae is R2,35 miljoen ingesamel.

Me. Alicia du Toit, SP-lid vir Lydia, het 'n mosie op 'n onlangse SP-vergadering ingedien waarvolgens SP-lede geld, in die vorm van 'n lotery, moes insamel vir Operasie Honger. Die mosie is eenparig deur die SP aanvaar. Meer as R1 000 is reeds ingesamel vir hierdie projek. By die ter perse gaan van *Die Matie* was die persone wat pryse gewen het in die lotery, nog nie bekend nie.

## *DAMESBELANGE*

# Vroueslanery dalk deur bewusmaking opgelos

ME. MERLIN LAWRENCE het op Woensdag, 24 April, 'n toespraak oor Vroueslanery op uitnodiging van die Damesbelangekomitee gelewer. Me. Lawrence het verlede jaar die M.Soc.Sc-graad aan die Universiteit van Kaapstad behaal. Haar tesis het oor vroueslanery gehandel.

### Waarneembaar

Alhoewel me. Lawrence haar studieveld tot Mitchell's Plain beperk het, het haar bevindinge grotendeels ooreengestem met oorsese ondersoeke.

Me. Lawrence het dit beklemtoon dat vroueslanery in alle rassegroepe, alle gemeenskappe en alle sosiale klasse voorkom. In die hoër inkomstegroepe is die probleem net nie so maklik waarneembaar nie, omdat vrouens minder geneig is om die probleem te bespreek.

### Mistastings

Ander mites wat uitgewys is, is dat net 'n klein persentasie vroue 'geslaan' word, vroue wat geslaan word masochisties is, mal is, onopgeleid is en dat sommige vroue dit "verdien om geslaan te word". Daar bestaan ook verskeie mistastings oor die persoonlikheid van die vroueslaner, naamlik dat hy nie 'n liefderyke maat kan wees nie, al sy verhoudings met ander persone gewelddadig is, en dit gewoonlik 'n persoon is wat nie maklik sukses behaal nie.

Me. Lawrence het gesê dat die familie-groep nie die vreedsame, beskermende vesting is wat die algemene beeld voorgee nie, maar dat dit een van die gewelddadigste in die gemeenskap is. As gevolg van hierdie beeld word gesinsprobleme soos kindermishandeling en vroueslanery geïgnoreer. Die polisie en die gemeenskap beskou dit as private gesinsprobleme en die slagoffers van sulke geweld het omtrent niemand na wie hulle hul kan wend vir hulp nie.

Verskeie faktore speel 'n rol in vroueslanery en hulle dra almal gesamentlik daartoe by.

Hierdie faktore is o.a. kommunikasieprobleme, behuisingsprobleme, mans wat met die gebruik van geweld aan die beeld van die sterkere dominante huweliksmaat wil voldoen en die sosialisering van geweld tydens kinderjare.

### Bewusmaking

Me. Lawrence het in haar tesis aanbeveel dat professionele persone spesifiek opgelei moet word in dié veld. Daar moet ook beter koördinering tussen al die professionele dienste wees, plekke van toevlug moet opgerig word en bewusmaking op alle vlakke van die samelewing moet geskied.

# *ASVS se Sangaand was groot sukses*

'n SANGAAND, wat wye belangstelling geniet het, is deur die Afrikaanse Studentevereniging (ASVS) aangebied. Die program het bestaan uit optredes van serenadegroepe en twee individuele nommers. Dit is deurgaans gekenmerk deur optredes van 'n hoë standaard.

Die koshuise wat deelgeneem het, was die Madeliefkoor van Harmonie, Huis ten Bosch, Majuba Cantamus, 'n sanggroep van Lydia en die Boschtroebadoers. Die individuele nommers is gelewer deur 'n kunsstudent, Philip Moolman en Christene Coetzee.

Mnr. Tinus Burger, voorheen van die SAUK, het as seremoniemeester opgetree. Prof. Gawie Cillié, voorsitter van die FAK, was die hoofspreker. Die aand is baie goed bygewoon en die sanggroepe is goed ondersteun deur 'n lewendige, spontane gehoor.


# Heese praat oor boek

DR. HANS HEESE, senior navorser by die Instituut vir Historiese Navorsing aan die Universiteit van Wes-Kaapland en skrywer van die omstrede boek *Groep sonder Grense*, het Maandagaand op Stellenbosch 'n byeenkoms van die studentevereniging Ontwikkelingsaksie toegespreek.

Hy het gesê dat dié boek politiek meer skade gedoen het as wat dit voordelig was. Sy boek het 'n politieke twisappel geword sonder dat hy dit só bedoel het. Volgens hom was dit "suiwer geskiedkundige navorsing" en het hy "nie bedoel om mense te skok nie."

Volgens hom is daar mense wat nie bewus gemaak wil word van hul verlede nie. Hy sê die Afrikaner het voorsate uit sowel Europa as uit Indië en Indonesië. "Ons moet dié feite aanvaar en nie daarvan wegdeins nie."

Dr. Heese het gesê dat die feit dat die boek juis nou verskyn het, bloot 'n sameloop van omstandighede is.



Dr. Hans Heese, wat Maandagaand 'n byeenkoms van die studentevereniging Ontwikkelingsaksie op Stellenbosch toegespreek het. Hy het gesê sy boek *Groep sonder Grense* het polities meer skade gedoen as wat dit voordelig was.

# Musical magical clowns delight at Breughel

LET me start by saying that this is something nobody should miss. It has been long since I have seen a performance that provided an audience with such a delightful evening. *Conc & Cinq* are musical magical clowns.

*Conc & Cinq* share a first name — both are called Marc. Whether this has a ring of the providential to it, or involves some obscure divine interference, is unimportant. It is the vast collection of symbolism and the varying collection of mundane depictions woven into this act that made it so very special.

The Conc-Marc has been involved in clowning for about six years. He completed a degree in Drama at UCT. Conc once blew bubbles and flew kites on the sidewalks of Paris to earn a few *centimes*, and in his opening act on Sunday evening he portrayed a Country and Western spoof, making futile attempts to blow bubbles through a square bubble-shaper.

The Cinq-Marc studied music at the Conservatorium in Madrid where he also was a member of the Orqesta De Camera De Valladolid. This superb musician met his partner about two years ago, just when Conc was looking for someone with a music training to complete his act. Cinq instantly joined him.

The musical act introduced the amazing musical abilities of Cinq — he played the double-bass, accordian, mouth-organ, trumpet, etcetera. This was the only act in which a developed form of dialogue was used. Conc played the dilapidated maestro desperately trying to perform a piece of Paganini. He was confronted with an enchanted violin which refused to be controlled.

The process of discovering became a recurring image: first, with the bubbles and then later on with the extraordinary abilities of the tap-dancing shoes. Conc discovered the clickety-clackety sound of the shoes. In the beginning, Conc commanded the shoes but as soon as he became accustomed to it, he relaxed and then the shoes took over, commanding Conc's bodily movements.

The final swordbox act added a sting to the almost childlike fantasy of clownish mime, fun and music. *Conc & Cinq* concluded their show by handing out flowers to the audience and then erupted in an impromptu waltz, involving members of the audience.

**LOMIN SAAYMAN**



*Conc & Cinq*, two musical magical clowns, will again be performing at the Breughel on Saturday, 11 May, at 20h15.

**AANDAG DIGTERS!**

**Musicultus stel belang in jou gedigte. Sommige van hul komponiste wil gedigte toonset. Kontak Tania Beytell by die Konservatorium indien jy dink jou Woordbabas sal deur musiek aangevul kan word.**

# Straatmark: 'n bont kontras

FRANCOIS VISSER se stalletjie trek dadelik aandag: 'n reënboog van kussings, kunsdrukke, erdewerk en die besonderse krale laat 'n mens naderstaan en kyk en kyk.

Dit skok: Die verbasende stilheid van die straatmark tussen die Breughel en die Pizzeria. 'n Vinnige inloer het aan die lig gebring dat die gebrek aan belangstelling heeltemal ongeregverdig is.

Die straatmark is so eg en raar soos alle ander straatmarkte. So bont ook: interessant bont. Die tweedehandse klere is almal raaksienklere. 'n Hemp van leer, 'n blou jas met interessante patrone, mooi, ongewone materiale: Die verkopers het definitief 'n oog vir belowende ou klere.

Soek jy oorbelle wat anders lyk? Op 'n kleurvolle tafeldoek van appliek lê hulle uitgestal: koper, skulp, been en glas, elkeen uniek. Tuisgebakte brode lê in hul uitgerysde geel volheid en lok. In kontras, spotgoedkoop, splinternuwe plate (*Mike Oldfield, Sky II* en *Heintje*) waarvan die omslae weg is.

"Hard-edge" epolette-spelde gesels saam met kosmos-skilderye.

Selfs al is 'n mens platsak, is die straatmark 'n Saterdagoggend-belewenis wat vermaaklik, uniek en kosbaar is. Dis Stellenbosch.

Volgens Annelie Marais is dit wat sy en Cara in gedagte gehad het. Hulle wou aan mense die geleentheid bied om iets te doen wat sou inpas by die dorp en sy leefwyse. Hulle stel nie belang in wins nie — veel eerder om mense die kans te gee om te wys wat hulle het en wat hulle maak. "Handcrafted", in die wydste sin van die woord, is miskien die mees gepaste beskrywing vir hierdie vrolike deurmekaarspul.

Daar is elke Saterdagoggend 'n straatmark in die binnehof tussen die Pizzeria en die Breughel. Stalletjies kan gehuur word by Annelie Marais of Cara (tel. 5169/3545). □

**MARTLI VISSER**



Jewellery that instantly turns you into an individual.

# *Visual delight of exploration*

THE jewellery exhibition now on at Cameo comes across as visually stunning. It is presented by students involved with Munich's Kunst Akademie; one American, an Australian, a Briton and four South Africans (who are old-Maties, by the way).

All the pieces have been brought out from Germany for showing in South Africa. I think avant garde is the best term to describe the range over all. You won't find much of the standard gold, silver and precious stones normally used in jewellery design. There is a fresh, innovative approach, with colourful titanium, sombre ebony and ethnic nickel. Not only in the use of materials have the designers experimented, but with the concept of jewellery as a whole. Jewellery has been created, not as a mere personal adornment to be worn as an accessory to something, but as an object of art in itself.

As you look at the exhibition one gets a sense of an exploration to see what can be created in jewellery, with the emphasis on keeping it independent from the body, contrary to common practices. A sense of the aesthetic is prevalent.


Judging from comments which have been passed by visitors to the exhibition, South Africans are still rooted to conservative ideas in style and dressing and are not ready for anything that speaks out so strongly on its own. □

**CHANTELLE LUDSKI**



'n Reënboog verskeidenheid van handewerk en oudhede word elke Saterdagoggend by die straatmark verkoop.

cobwebs
dorp st 145 stellenbosch
kerse bierbekers oorbelle
wynsakke teels blokers droë
blommetjies klere mandjies
glase skulpe geskenkpapier
lieberman geelhout syserpe
kaartjies silwer afdrukke



Bracelets become works of art.

**digters digters digters**
**digters digters digters**

(VER/VREEMDHEID)

Miskien as jy stilletjies incense
om my sou plant by die see
in die seesand,
en jou aura my meermale
as soms per dag sou oorrompel
saans as alles stil is.

— Dan sal Danzig sing-sing
in die somer,
'n epentese — tussen my en
die onbekende vorm. —

**HANLIE MALAN**

U.U.B. *VIR AL U*

★ Boeke
★ Skryfbehoeftes
★ Afrolwerk
★ Bindwerk

PLEINSTRAAT U.U.B.
STELLENBOSCH FOON 70337


# Bydraes vir *penseel*

DIE literêre blad, *penseel*, word onder die beskerming van die Afrikaanse Studiekring (ASK) uitgegee. Hierin verskyn gedigte, dramas, essays en allerlei artikels van studente. Verlede jaar is *penseel* aangewys as die beste verenigingsblad.

Die eerste uitgawe van vanjaar word aan die Hertzog-pryswenner, Uys Krige, opgedra en verskyn einde Mei.

Die samestellers van *penseel* het reeds goeie werk ingekry, maar daar is nog tyd tot Maandag 20 Mei vir bydraes. Dit is beter om byvoorbeeld 'n hele paar werke in te lewer sodat die beste daaruit gekies kan word vir publikasie in *penseel*. Bydraes kan ingelewer of gepos word aan: *penseel*, Die Afrikaanse Studiekring (ASK), kamer 231, Wilcocksgebou.

Die bydraes sal ook in die prestigepublikasie, *Die Stellenbosse Student*, geplaas word. □



## PADDY BOUMA

# Groot en klein lees haar stories

**'n Profiel deur Christelle Bellingan**

'n INNEMENDE mens met integriteit, is volgens my 'n opsommende beskrywing van Paddy Bouma Niehaus. Haar werk getuig van 'n omgewingsgeoriënteerdheid, maar sy weet op watter gebied sy as individu die beste werk. Haar ontwerpe is haar eie en spreek van 'n bewustheid deur voortdurende waarneming.

Haar boeke is fris, interessant en anders, terwyl dit nie noodwendig poog om juis dit te wees nie. *Nicolaas en die Bere* en *'n Klop aan die deur* is twee van haar oorspronklike werke wat deur haar kinders geïnspireer is. Sy het ook al verskeie ander boeke geïllustreer, onder andere Hester Heese se *Op die vensterbank in April*. Paddy is 'n lektrise by Stellenbosch se Kunsdepartement en geniet dit baie. Deesdae is sy besig met 'n nuwe reeks waarin seekoeitjie, Bertie, se ervarings uitgebeeld word. Dié boek is weer eens 'n bewys van die skryfster se oorspronklikheid, verbeelding en talent.

Haar opvoedkundige agtergrond wys dat Paddy al van jongs af haar vermoëns en talente getoon het. Op skool was haar twee groot liefdes Kuns en Engels. Van die onderwysers het vir haar gesê dat sy die kuns 'n bietjie moet uitlos en meer tyd aan die "ernstige" vakke bestee. Na skool het sy verder in die skone kunste studeer aan die Michaelis-kunsskool. Daar het sy veral in Litografie begin belangstel. Dit is juis op grond van haar bekwaamheid op dié gebied dat sy 'n beurs vir verdere studie in Parys aangebied is. Van Parys sê Paddy Bouma, "Ek was in dié tyd besonder kreatief, maar die omgewing was soms baie neerdrukkend."

Dit was eers 'n ruk na Nicolaas, haar seun, se geboorte dat sy in kinderboeke begin belangstel het. Sy het besef dat dit 'n kunsvorm in eie reg is. *Nicolaas en die Bere* is geskep nadat haar seuntjie hom een aand verbeel het dat daar bere buite sy kamer was. Die boek toon duidelik haar groot tegniese bekwaamheid. 'n Tweede boek, *'n Klop aan die deur*, is deur haar dogtertjie, Catherine, geïnspireer. Paddy het die boek een oggend geskryf toe sy haar motor vir herstelwerk geneem het. Sy het in die motor gebly en is opgehys tot bo waar sy rustig gesit en skryf het. Binne twee uur was die boek klaar (en die motor herstel!).

'n Mens kan aan haar werke sien dat sy haar teikengebied verstaan en begryp. Haar "ernstiger" werk, soos sy dit noem, behels die voorstelling van gedigte, bv. van Sheila Cussons.

Die Boumas se huis spreek duidelik van hul liefde vir eerlike ontwerp en egte materiale. Eenvoudige meubels sonder oordadige versiering is die kenmerk van die woning. Dit dui op 'n leefwyse waar kuns 'n integrale deel van elke dag en aktiwiteit is. Dit was vir my 'n voorreg om 'n middag saam met so 'n aangename mens deur te bring. ◘



Tessa en haar kat, Siska, uit: *Op die vensterbank in April.*



In haar ateljee, op die boonste verdieping van haar praghuis buite Stellenbosch, skryf en illustreer Paddy Bouma kinderboeke wat haar rustige en innemende persoonlikheid weerspieël.

## L'ART L'ART



Judy Davis, the star from *A Passage to India.*

NEEDLESS to say that Judy Davis is the star of the brilliant film recently shown in Stellenbosch, *A Passage to India*. In almost every magazine her face pops up and she was also nominated for an Oscar for Best Actress. But after all this fame and success, she is still an ordinary girl who wants to walk in the streets unrecognized.

Judy Davis was born in 1955 in Perth, Australia, where she went to a Convent School. At the age of 17 she broke away to become a singer in a rock group and it was at this young age that she decided to become an actress. After she had finished her studies in Drama at the National Institute of Drama in Sydney, she worked at the state theatre in Adelaide and a few months later she was offered a role in *My Brilliant Career* (1981). This was her first major hit.

There followed other films like *Hoodwink*, *Winter of our Dreams*, *Heatwave* and she also played with Ingrid Bergman in the American TV-production *A Woman called Golda*.

The stage still has a great attraction for her and she always wanted to sing and play in a comedy. To laugh and to make other people laugh is something special for her. In the Australian stage production of *Piaf* she had the opportunity to sing, but it is for her serious, dramatic roles that she has become known.

Research and preparing for a role is very important to Judy. In *Winter of our Dreams* she played a drug addict prostitute. To prepare herself for the role, she went with a mini-skirt and heavy make-up on to the areas in Sydney where prostitution is practised. For *Golda* she made a serious study of the Jewish history.

For Judy, acting is a learning process and by playing the role of somebody else, she learns a lot about humanity and it becomes more and more difficult to be prejudiced against other people. When she is working on a character, she never thinks about awards and fame, because she is too busy trying to understand the part. She is afraid of such occasions, because she never knows what to say.

This warm and spontaneous woman who seems so ordinary in normal life, has the talent to let the characters she plays come alive. In her recent role as Adela Quested in *A Passage to India* it was this talent and devotion that helped to make David Lean's film a breathtaking experience! ◘

**ANDRIA LUBBE**

## 33 ⅓ RPM Side 1

### COENIE DE VILLIERS: *REISIGER*

*AS ek maar net kon . . . Die angs met 'n potskerf besweer; die verhaal herskep waar die grense van sê vir ons lê . . .* Dit was my probleem om Coenie de Villiers se *Reisiger* te resenseer. Dit is ook die woorde waarmee hy sy nuwe plaat begin. Ek is 'n maniak as dit kom by wonderlike musiek en hoeveel te meer as die woorde in my eie taal is!

Coenie het twee jaar gelede die land in beroering gehad met sy vreeslose, gewaagde debuutplaat, *Skoppensboer*. Ek het aan 'n digtervriend gesê dat hy 'n hoogtepunt daarmee bereik het, omdat dit deurgaans dieselfde inslag gehad het. Dit moes ook sy klimaks gewees het, want die plaat was só goed.

Daar is 'n varsheid en verskeidenheid op die warm viniel neergelê wat net die werk van 'n begaafde mens kan wees.

De Villiers begin sy plaat met die lied "As ek maar net kon", waarin hy met kuns-Afrikaans en hunkerende musiek sê wat hy beoog. Hy wil sy ervaring oopvou, 'n reis deur sy lewe maak. Die titelsnit net daarna, "Reisiger", gebruik hy om te sê dat hy 'n blinde Bedoeïen is met 'n verbeurde reiskaartjie en skewe kompasnaald.

Moenie glo nie. Hy hét die talent sodat ons, met "Kunsmuseum-Nagwag", op die golwings van sy wakker jazz weggly — volkome meegesleur.

Al wat ek nou nog nie weet nie, is wat *shabadabapieriepierie* beteken. Elke keer as Coenie meegevoer word deur wat hy sing op "Nagwag", glip dié plesierwoorde uit. Wat ek wel weet is dat die klanke my laat *kwaai* voel — so David Kramer soort van kwaai.

Die plaatomslag wys 'n skamerige, ingedagte ou met uilogiebrille. Hy het ook een van daardie vaal tweedjasse aan. Soos die plaat verder draai, maak hy sy jaspante oop om strepe kleur te wys.

Kwela ("Polvyntjie"), professioneel-kommersiële heimweë ("Sien jou weer") en selfs aanvaarbare country is die warm oranjerooiokerdele van die kleursekwens binne Coenie de Villiers se ou jas.

Ek is nie heeltemal in volslae vervoering oor die plaat nie. Ek is seker deur liedjies soos "Die Honger" bederf, maar dis al vir my asof hy die mark-georiënteerde liedjies nie met dieselfde oortuiging en meevoering sing nie. Hy kán sing. 'n Mens besef eers hoe sleg iemand soos Anton Goorsing is as jy sy warm jazz kabaret-stem hoor uitpols. Hy kan note afknip of rek met sy stem — hy kan eroties sing — hy dra angs en bedreiging meesleurend oor, met ander woorde hy is 'n virtuoos.

My grootste gunstelinge is die eerste en laaste twee liedjies. Dit is veelseggend dat hy met "Bossies" aansluit by die nuutste tema in toonaangewende Afrikaanse letterkunde. Gysbert Antonius van Rensburg is 'n persoon wat deur die helikopter van die sekuriteit van sy Hexrivier weggevoer word Noorde toe. Hy het gesê die Noorde is net so goed soos Kambodja, "maar wat het hom dan besiel, die haan as't ware drie maal laat kraai?"

My allergunsteling is die rockballade "Honger". "Maar ons is onvoorbereid op hierdie immortaliteit" gaan daarin oor dat hy skreeuend vra, "Waar vind my gees asiel teen die lewe se verniel?" As agtergrond gebruik hy dwingende tromslae en beetgryp orreltone. Die liedjie is verder goed omdat dit ontwikkeling toon op sy vroeëre styl. Dit sluit aan en verbeter op sy vorige rock-klavier ballades.

Dit bly 'n probleem om met iets oorspronkliks in Afrikaans vorendag te kom. Verder dwing die beperkte mark vir hierdie soort musiek kunstenaars om 'n meer ingetoë benadering te volg. Coenie de Villiers het met sy tweede plaat, *Die Reisiger*, hierdie beperkings heeltemal oorkom. Enigeen wat in die Afrikaanse musiek belangstel, of hom verwerdig om daarna te luister, durf nie hierdie plaat misloop nie.

**FAAN HERHOLDT**

## Kunskalender

TEATER

**Nico Malan**
9-25 Mei **Bremen Coffee van die Duitse filmregisseur R.W. Fassbinder.**


MUSIEK

**Endlersaal**
9 Mei **Etensuurkonsert (13h15)**
10 Mei **Peter Donohoe (klavier), wenner van die Tsjaikowski-kompetisie in Moskou. Werke van Rachmaninoff, Beethoven, Bartók en Chopin word gespeel.**
11 Mei **Die US-Konsertblaasorkes o.l.v. Paul Loeb van Zuilenburg.**
12 Mei **Vokale musiek van Bach en Handel. Program aangebied o.l.v. Nellie du Toit.**
13 Mei **Etensuurkonsert.**
22 Mei **Sergio en Odairo Assad (kitaarduo) Kruikaanbieding.**
**Nico Malan**
19 Mei **Magic of Mantovani.**

**Baxter**
11 Mei **Bach III Lamar Crowson (klavier) Ronald Masin (viool).**
15 Mei **South African flute Music, aangebied deur Alan Baker.**
18 Mei **Music is fun III The Magic of Music, aangebied deur Jonathan Poole.**

FILMS

**Cine 1**
9-11 Mei **Diva.**
9-11 Mei **The Hit.**
13-15 Mei **From Mao to Mozart.**
13-15 Mei **The Long Ride.**
17-25 Mei **Mischief.**
17-18 Mei **Shout of the Devil.**
20-25 Mei **Swan Lake.**
**Cine 2**
10, 11 Mei **Purple Rain.**
10, 11 Mei **City Heat.**
13-18 Mei **Carmen.**
13-18 Mei **Mass Appeal.**
20-22 Mei **Exposed.**
**(Let op aanvangstye)**
**Nico Malan**
9-18 Mei **Blood Wedding** en **Carmen.** ◘



Coenie de Villiers tree Vrydagaand op in die H.B. Thom.

L'Auberge Provençale
FRENCH RESTAURANT
SUNDAY NIGHT
IS
PIZZA NIGHT
CHOOSE YOUR OWN
PIZZA AND FRENCH SALAD
FOR ONLY R5,00 AND
LISTEN TO LIVE MUSIC
OPEN 7 DAYS A WEEK
DROSTDY CENTRE, Cnr. BIRD &
ALEXANDER STREETS, STELLENBOSCH
TEL. (02231) 71942

Die Matie
Donderdag, 9 Mei 1985

# 'Doop'-verslag moet nie geheim bly nie

**DIE Kommissie van Ondersoek wat ingestel is om beweerde "doop"-wanpraktyke te ondersoek, het hul werksaamhede afgehandel en hul verslag sal op 17 Mei voor die Universiteitsraad dien.**

**Die aanstelling van hierdie Kommissie is allerweë verwelkom, ook deur *Die Matie*, en het wye belangstelling uitgelok. Dit sou jammer wees as die bevindings van die Kommissie nie openbaar gemaak sou word nie.**

**Die reaksie op só 'n stap is voorspelbaar — aantygings van toesmeerdery is onvermydelik. Die Universiteit se beeld kan só iets nie bekostig nie. Dit is nie net in die openbare belang nie, maar ook in belang van die Universiteit dat die bevindings van die Kommissie openbaar gemaak moet word.**

# Hertoelating van teer-en-veerders

**NÁ die teer-en-veerdery van 'n redaksielid van *Die Matie* vroeër vanjaar, het die Tugkomitee van die Universiteit die nege studente wat daarvoor verantwoordelik was, uit hul koshuise geskors.**

**Die Tugkomitee se besluit het uitdruklik bepaal dat dié persone nooit weer gedurende hul universiteitsloopbane op Stellenbosch in 'n universiteitskoshuis toegelaat kon word nie. Skaars 'n maand nadat hierdie besluit geneem is, moet ons verneem dat die nege mans ná die Julievakansie kan aansoek doen om hertoelating tot hul koshuise op grond van "goeie gedrag".**

**Sulke teenstrydige uitsprake plaas 'n vraagteken agter die bevoegdhede van die Tugkomitee. Sou die nege heraansoek doen en weer tot hul koshuise toegelaat word, sal dit aan die owerhede 'n beeld van inkonsekwentheid gee wat hulle hopelik nie verdien nie.**

# Gaylard nie UDF-voorsitter

**IN die vorige uitgawe van *Die Matie* is berig dat mnr. Rob Gaylard die voorsitter van die UDF op Stellenbosch is. Die persoon wat dié inligting verskaf het, was verkeerd. Mnr. Gaylard is nie die voorsitter nie, maar wel mnr. Clive Gabriels.**

**Hierdie feit is die dag nadat *Die Matie* verskyn het, aan mnr. Barnard Beukman duidelik gestel. Dis jammer dat mnr. Beukman desnieteenstaande voortgegaan het om dié verkeerde inligting in 'n pamflet wat gister op die kampus verskyn het, te versprei.**

# Aansoeke ingewag

HIERDIE is die tweedelaaste uitgawe van *Die Matie* wat in die huidige termyn verskyn. Aansoeke word ingewag vir die redaksieposte vir die nuwe termyn.

Die volgende poste is beskikbaar:
Hoofredakteur
Assistent-hoofredakteur
Bestuurshoof
Advertensiebestuurder
Sekretaresse
Hoofnuusredakteur
Hooffotograaf
Redakteurs: Nuus, Aktueel, Sport, Kuns, Inter-universitêr, Sosiaal, Taal.
Sub-redakteurs: Nuus (2 poste), Sport (2 poste), Kuns, Inter-universitêr, Sosiaal, Taal.
Verslaggewers: Nuus (8 poste), Sport (6 poste), Kuns (6 poste), Inter-universitêr (6 poste), Sosiaal (6 poste).
Verspreiders (2 poste).
Fotograwe (4 poste).

Aansoeke, met relevante ondervinding, moet voor 12h00 op Maandag, 27 Mei by die SR-kantoor ingegee word. Dit moet gerig word aan die voorsitter van die Publikasiekomitee.

Aansoekers vir die pos van Hoofredakteur moet om 14h00 op 27 Mei by die SR-kantoor beskikbaar wees vir 'n onderhoud.




'n Paar "kwetswette" waai, maar steeds mag dames nie in manskoshuise nie (skoonmakers wel).

## *REDAKTEUR*

# *Dinamiek* is relevant en aktueel op US

"*Dinamiek* stel hom dan ook ten doel om krities opbouend na ons lewenstyl op Stellenbosch ten opsigte van mekaar asook ten opsigte van die res van Suid-Afrika te kyk in die lig van God se woord." Lizl Kruger, redakteur van *Dinamiek*, het in 'n onderhoud met *Die Matie* gesels oor die rol van die KJA en *Dinamiek* op Stellenbosch. *Dinamiek*, amptelike blad van die Stellenbosse KJA, het die afgelope tyd baie "positiewe sowel as negatiewe reaksie" by sy 4 500 lesers uitgelok. Lizl is 'n BA-student in haar derde jaar en behalwe dat sy bestuurslid van die KJA is, is sy ook 'n HK-lid van Huis ten Bosch.

**Wat is jou doelstellings met *Dinamiek*?**

My doelstellings met *Dinamiek* stem ooreen met die doelstellings wat die redaksie aan die begin van ons termyn saamgestel het. *Dinamiek* is 'n Christelike blad wat hom beywer om Christene in te lig oor Christen-aktiwiteite, om alle Christene op Stellenbosch betrokke mense te maak en om te verduidelik hoe die KJA funksioneer en om laasgenoemde se beleid daar te stel. *Dinamiek* stel hom ook ten doel om sendingwerk te doen en nie-Christene te betrek, asook om kerksake in Suid-Afrika sowel as die res van die wêreld te dek, te bespreek, te kritiseer en te evalueer. Laastens stel *Dinamiek* hom ten doel om 'n gespreksforum te wees en in die lig van die huidige situasie in Suid-Afrika politieke beriggewing ook te doen deur bv. kerklui buite die NGK se standpunte t.o.v. die landsituasie daar te stel, omdat Stellenbosch so 'n ingeslote ruimte vorm, waar ons nie met andersdenkende Christene kontak het nie.

**Wat is die doelstellings van die Stellenbosse KJA? Hoe skakel *Dinamiek* se doelstellings en dié van die KJA met mekaar.**

Die Stellenbosse KJA is eerstens 'n liggaam bestaande uit die Stellenbosse studente. Die KJA moet dus eerstens ingestel wees op die belange en behoeftes van die studente en daarom moet *Dinamiek* eerstens beriggewing doen oor studente-aktiwiteite en hul behoeftes en vrae soos bv. onlangse beriggewing oor "Maties, kerk en seks". Die KJA as Christelike organisasie moet egter ook let op die huidige nood in Suid-Afrika. Daarom is ons gemeentetema dan ook: "Christelike sorg bring 'n nuwe lewenstyl". Ons moet dus gereeld let op ons geborge, wêreldse bestaan op Stellenbosch en dit krities evalueer. *Dinamiek* stel hom dan ook ten doel om krities opbouend na ons lewenstyl op Stellenbosch t.o.v. mekaar asook t.o.v. die res van Suid-Afrika te kyk in die lig van God se Woord.

**Wat was die reaksie op die KJA en *Dinamiek* se "nuwe" beleid van sosiale bewusmaking? Waaraan skryf jy hierdie reaksie toe?**

## Matie-Gesprek

**Lou-Marie Kruger gesels met**



**Lizl Kruger**

Positiewe sowel as negatiewe reaksie het gevolg. Baie mense het ons laat verstaan dat ons uiteindelik relevant en aktueel en interessant geraak het. Baie meen dat *Dinamiek* 'n goeie bron van inligting t.o.v. sosiale bewusmaking is in die "snoesige" atmosfeer van Stellenbosch, soos een Matie gesê het. Baie het ongelukkig hierdie sosiale bewusmaking negatief gesien. Hulle meen dat *Dinamiek* en die KJA hulle ophou met politiek en die buitewêreld in plaas van die Stellenbosse student se behoeftes. Hulle meen ons steur baie ouens wat in hulle gewone "stride" net wil klas toe gaan.

Ek persoonlik is hartseer dat mense laasgenoemde standpunt inneem, want *Dinamiek* se doel om berigte te plaas oor figure soos dr. Beyers Naudé, dr. Boesak en biskop Tutu is nie om politiek te bedryf òf dié figure polities te ondersteun nie. Die probleem is net dat kerklui vanuit alle groepe deesdae vra wat die Kerk t.o.v. die situasie in Suid-Afrika moet doen. Die Stellenbosse student in sy afgesonderdheid kom baie min hiermee in aanraking, wat nog te sê met andersdenkendes se menings soos dié van dr. Beyers Naudé. Ons as jong Christene kan ook nie hierdie geweldigde roeringe op kerkgebied ignoreer en afmaak deur te sê dat dit niks met ons te doen het nie, want oor 'n paar jaar gaan ons as Christene leiding moet neem t.o.v. landsbesluite en dan kan 'n mens nie in onkunde t.o.v. mekaar in ons totale menslikheid staan nie.

**Is dit moontlik om "bewus te maak" sonder om 'n standpunt af te dwing?**

*Dinamiek* probeer soveel as moontlik om verskeie standpunte t.o.v. gebeure daar te stel, asook om soveel as moontlik inligting daar te stel, sonder om persoonlike menings by berigte in te skryf en op studente af te dwing.

Baie meen dat ons dit reeds doen d.m.v. eensydige beriggewing, maar *Dinamiek* het hom net in die laaste ruk ten doel gestel om studente bewus te maak van ander groepe buite die NGK wie se denke heel moontlik radikaal verskil van NGK-leiers s'n.

**As jy sê die KJA wil hom nie verbind aan enige standpunt nie, maar tog sê die KJA moet staan vir geregtigheid t.o.v. alle mense, Christelike vryheid en menswaardigheid — impliseer dit nie noodwendig 'n standpunt nie? As jy Christen is, beteken dit nie noodwendig dat jy 'n sekere standpunt inneem nie?**

Ek sal graag eerstens sake wil regstel. Ek het gesê dat "die KJA as Christelike studenteliggaam hom nooit (sal) verbind aan enige politieke sienings van sekere partye nie. Dit beteken nie dat Christene nie standpunt mag inneem nie, want die Woord dring jou as Christen om juis die teenoorgestelde te doen. Dus sal die KJA en sy lede nooit sê die Nasionale Party se grondbeginsels is reg en almal moet dit ondersteun nie. Elke lid het egter die reg om die Bybel se beginsels te ondersteun en deur middel hiervan standpunte in te neem t.o.v. gebeure.

**In watter mate sal jy studente polities kan be-**

*(Vervolg op bl. 13)*

# Koerant se taak om te versoen

"DIE joernalis van die geskrewe woord het veral vandag 'n belangrike rol in Suid-Afrika. Hy moet beriggewing doen wat werklik deurdring en beter begrip tussen mense bring," het mnr. Ebbe Dommisse, assistent-redakteur van *Die Burger* Maandagaand op Stellenbosch gesê.

### Uitdaging

Sterk verset teen hervorming word onder regses in die blanke politiek gevind, terwyl veral die swart jeug geweldig radikaliseer. Diepteverslaggewing (of ondersoekende beriggewing) is veral die taak van koerante en tydskrifte en is een van die beste maniere om versoening tussen ondersteuners van botsende standpunte te bereik.

Kennis is mag, en kennis van mekaar in 'n diep verdeelde samelewing soos ons s'n, is noodsaaklik om mense met verskillende beskouings, gelowe, kleur en so meer, nader aan mekaar te bring. Hierdie proses is 'n groot uitdaging. In dié opsig het 'n joernalis 'n taak soos min ander.

Studente is deel van 'n ander proses van fragmentasie. Mnr. Dommisse het gesê hy verwys hier na die ontploffing in kennis. Weens toenemende spesialisasie weet geleerdes blykbaar al hoe meer van al hoe minder. Hulle slaag nie daarin om hul uiters gespesialiseerde kennis oor te dra na ander vakgebiede nie.

Die taak van die joernalis is om te dien as oordraer van sulke kennis. Hy moet in staat wees om moeilike begrippe in eenvoudige, helder, verstaanbare taal oor te dra. "Hy moet," soos prof. Piet Cillié graag sê, "vir die wasvrou beduie wat die professor probeer sê het."

Veral koerante verkeer onder toenemende druk in hierdie tyd, finansieël en andersins. 'n Vername oorsaak hiervan is die koms van TV wat koerante se advertensiebron ernstig geraak het.

Die pers in Suid-Afrika word verskraal deur 'n gebeurtenis soos die sluiting van die *Rand Daily Mail.*

Staatsbeeldradio lewer beginselprobleme. Mededingings op 'n massiewe skaal van staatskant af plaas op 'n terrein wat die private ondernemer ewe goed of dalk beter kan hanteer.

Hy het gesê dat dit van owerheidsweë besef word dat daar ernstige gevare in TV-dominansie skuil. Vandaar die besluit om subskripsie-TV in te stel.

'n Ander bedreiging vir koerante is die geweldige groei van "tokkelos-" of streekkoerante. 'n Manier om dié gevaar te oorkom, is dat koerante self van die "tokkelosse" koop.

### Mededinging

So het *Die Burger* byvoorbeeld *Tyger-Burger* en *Metro-Burger*. Dié streekuitgawes word gratis versprei.

*Huisgenoot* is 'n ander voorbeeld waar antwoorde op mededinging van TV gevind is. *Huisgenoot* het 'n nuwe benadering gevolg deur aan te sluit by TV en is vandag verreweg die grootste tydskrif in Suid-Afrika. Mnr. Dommisse sê die taak om in Afrikaans te kommunikeer, is 'n belangrike doelstelling. Daardeur word vir beskaafde norme in Suid-Afrika gestry. *Die Burger* het dié taak ter harte geneem met sy pogings om bruin lesers te bereik. Sowat 'n kwart van die hoofkoerant se lesers is bruinmense.

### Suksesformules

"Ons beskou diens aan gemeenskappe binne ons leserspubliek as 'n deel van die proses om nuwe formules te vind waardeur koerante teen uitdagings van verskeie kante kan staande bly. 'n Koerant moet daardeur ook kan floreer en onontbeerlik wees vir die gemeenskappe wat hulle dien."

Mnr. Dommisse het gesê dat studente wat belangstel in die joernalistiek, deel kan wees van die soeke na suksesformules om die geskrewe woord sy regmatige plek te laat te behou, eerder as dat verdere vervlakking en verstrooiing ons laat verval in 'n nuwe vorm van barbarisme".



Mnr. Louis Heyneman, 'n vorige hoofredakteur van *Die Matie* en tans kunsredaksielid van *Die Burger*, wat oor die belangrike rol van die kunsblad as kulturele geskiedskrywer gepraat het.

# Kunsblad het rol as kulturele geskiedskrywer

AS daar oor 'n honderd jaar navorsing oor die stand van die kunste vandag gedoen word, sal daar heel eerste na die koerante gekyk word, het mnr. Louis Heyneman van *Die Burger* se kunsredaksie gesê.

Dít hang saam met die rol van die kunsblad van 'n koerant as kulturele geskiedskrywer. Die kunsblad is 'n joernaal van die daaglikse gebeure in die kunste in 'n betrokke land of gebied.

Die persoon wat oor die kunste skryf is die waarheid aan die nageslag verskuldig, het mnr. Heyneman gesê.

Die kunsbladsye van 'n koerant maak gebruik van verskeie soorte berigte. Die kunsnuus bevat aankondigings en is 'n weerspieëling van wat gebeur. Daar is ook resensies oor teater, musiek en rolprente.

Diepte-artikels ondersoek alle aspekte van die kunste, veral afgeskeepte aspekte. Daar is ook rubrieke oor argitektuur, musiek, kuns, plate, die letterkunde en televisie. In al hierdie berigte het die joernalis 'n taak as geskiedskrywer, wat nog belangriker is as die kwaliteit van sy berig.

Resensies is baie belangrik, het mnr. Heyneman gesê, en negatiewe resensies is die maklikste en somtyds die lekkerste om te skryf. Met 'n negatief resensie is dit moontlik om 'n kunssoort dood te maak of lewendig te hou.

Dit is belangrik om konsekwent te wees wanneer jy resensies skryf, omdat mense kyk na hoe jy byvoorbeeld 'n bepaalde rolprent takseer sodat hulle kan weet of hulle daarna moet gaan kyk of nie.

'n Resensie het ook 'n reflektiewe rol, aangesien kunstenaars hulle prestasies met dié van die verlede kan vergelyk. As jy 'n swak konsert goedskryf, sal die kunstenaars vir jou lag en kan dit jou "respek gelyk sny met die grond".

In ons land word die gehalte van skryfwerk ongelukkig vergeet. Joernaliste moet nie met "effekbejag" skryf nie, maar goed genoeg kennis hê van die taal om korrek en vloeiend te kan skryf. Die enigste verweer wat 'n joernalis tene die elektroniese medium het, is 'n goeie skryfstyl.

Omdat mense wil weet van mense, is detail belangrik as die "speserye" van die storie, het mnr. Heyneman gesê. Die leser moet in die storie opgeneem word: "Show, don't tell". Om dit te kan doen, is dit belangrik om op die fynste detail te let, maar om dan nog te weet wat om te gebruik en wat om uit te laat.

Die twee wapens wat daar vir 'n koerant is om nie finansieel onder te gaan nie, is 'n goeie skryfstyl en 'n uitleg wat die leser visueel prikkel om dit te lees.

**DIE JOERNALISTIEKE Week, waartydens drie sprekers opgetree het, het vanaf 29 April tot 3 Mei plaasgevind. Mnr. Ebbe Dommisse, assistent-redakteur van *Die Burger*, het by die opening van die Joernalistieke Week oor die rol van vandag se joernalis gepraat. Prof. H.J. Grosskopf, hoof van die Joernalistieke Departement aan die Universiteit van Stellenbosch het tydens sy toespraak die eienskappe van 'n goeie joernalis uitgelig, terwyl mnr. Louis Heyneman, kunsredaksielid van *Die Burger*, die belangrikheid van 'n goeie skryfstyl en uitleg van bladsye beklemtoon het.**

# Goeie joernalis hou van mense

"NUUSKIERIGHEID is een van die belangrikste eienskappe wat 'n persoon nodig het om 'n goeie joernalis te word," het prof. H.J. Grosskopf tydens 'n etensuurpraatjie op Woensdag, 1 Mei, gesê.

'n Joernalis moet ook nie gesteld wees op 'n sosiale lewe nie, maar moet eerder ongewortel wees om êrens in sy beroep te kan kom.

'n Goeie joernalis behoort daarvan te hou om met mense te werk. Dan sal hy sy werk stimulerend vind en geen vervelige oomblik hê nie. Al lyk sommige stories vervelig, is dit nie die geval nie, want elkeen se feite en omstandighede verskil.

In teenstelling met die algemene opvatting is joernalistiek die ideale beroep vir 'n vrou. Tydens die jare wat 'n vrou kinders moet grootmaak, kan sy nog steeds haar beroep beoefen deur tuis rubrieke en artikels te skryf.

Prof. Grosskopf het die kursus in Joernalistiek aan die US as baie prakties bestempel. "Ons glo nie in vele kommunikasieteorieë nie. Hier by ons is dit net skryf, skryf en nogmaals skryf".

In antwoord op 'n vraag het hy gesê dat 'n mens tussen drie en vier jaar in die praktyk nodig het om dieselfde kennis te versamel wat hier in een jaar verskaf word.

Alhoewel die kursus meer op die gedrukte woord ingestel is, word daar beplan om reeds hierdie jaar die elektroniese media ook te betrek. Die SAUK het reeds ingestem om in hierdie verband saam te werk.

# Verandering in SA moet van binne kom

IN die aangesig van toenemende popularistiese Amerikaanse opposisie en negatiewe media-dekking oor "ongelukkige" gebeure binne Suid-Afrika, hou die Reagan-administrasie steeds voet by stuk dat die VSA konstruktief betrokke by dié land moet wees — ten spyte van die groot politieke prys wat dit verg.

Só het mnr. Herman Nickel, die Amerikaanse ambassadeur in Suid-Afrika, by 'n SAAK-vergadering gesê. Hy het die Amerikaanse belange, doelwitte en beleid in ons sub-kontinent uiteengesit.

Volgens mnr. Nickel vind die Suid-Afrikaanse problematiek weerklank beide in die heterogeniteit van die Amerikaanse bevolkingsamestelling en in die essensiële waardes wat die Amerikaanse samelewing aanhang.

### Slagspreuke

"Die Amerikaanse beleid erken dat verandering in Suid-Afrika van binne moet kom, en daarom word voorskriftelike slagspreuke vermy," het mnr. Nickel gesê. Daarom eien die administrasie nie krediet vir veranderinge in Suid-Afrika vir homself toe nie. Die Wit Huis kan argumente van kritici slegs beantwoord deur hulle op veranderinge in Suid-Afrika te wys.

"In 'n belangrike beleidstoespraak het mnr. George Schultz, die Amerikaanse minister van buitelandse sake, die versekering gegee dat die VSA steeds dieselfde "sterk en beginselvaste" beleid jeens die Republiek se volg," het mnr. Nickel gesê.

Mnr. Nickel het gesê dat die kern van dié stille diplomasie is dat "Amerika beide die regering en dié in opposisie teen die regering aanmoedig om verder as blote taktiese posisionering te kyk en die staalmat te breek wat onderhandelinge in Suid-Afrika belemmer."



Prof. H. Grosskopf van die Joernalistieke Departement het tydens 'n praatjie wat hy op 1 Mei gehou het, oor die eienskappe van 'n goeie joernalis gesels.

**DEBATSAAND**
**DR. DANIE LOUW (Kweekskool)**
**Dr. Van Velden (Tygerberg)**
**"Die seksuele moraal van die Afrikaner — die voorskryf van voorbehoedmiddels aan meisies onder 18"**
**Datum: 10 Mei**
**Plek: Bloukamer**
**Tyd: 1930**
**Heerlike aansit-ete**

# Studiegelde verhoog

STUDENTEGELDE, wat vanjaar vir die eerste keer per vak gehef word, het baie onsekerheid onder studente veroorsaak nadat die rekeninge verlede week uitgestuur is.

Die nuwe sisteem het meegebring dat die koste van sommige kursusse abnormaal verhoog is. As oorgangsmaatreël word die kursusse se gelde afwaarts aangepas tot 'n voorafbepaalde basis. Die basis verteenwoordig 'n 18,1% gemiddelde styging op verlede jaar se klasgelde.

Die kursusse waarin aanpassings gemaak kan word is in die 1985-jaarboek vervat. BA (met regsvakke) en B.Comm. (met regsvakke), wat ook onder bogenoemde val, kom egter nie in die jaarboek voor nie. Indien B.Comm. (met regsvakke) se gelde vir die eerste studiejaar byvoorbeeld per vak bereken word, kos dit R1 818. Op die rekening word die bedrag dan tot R1 330 verminder. In die tweede studiejaar word geen afslag gegee nie en kos die kursus R1 556.

Die Rektor, prof. M.J. de Vries, het gesê dat die styging in klasgelde nie vir alle kursusse dieselfde is nie. Dit is in ooreenstemming met die beleid om klasgelde relatief tot die koste van die kursus te hef. Dit is egter 'n geleidelike proses wat oor die jare ingefaseer sal word.

"Studente kry nie afslag indien hulle gelde as gevolg van sleepvakke die basis oorskry nie," het prof. De Vries gesê. Boonop sal daar aanstaande jaar nog 'n verdere heffing op sleepvakke geplaas word. 'n Vak wat gesleep word sal dan meer kos as dieselfde vak wat vir die eerste keer geloop word.

In teenstelling hiermee sal studente met 'n skoon akademiese rekord van volgende jaar af tegemoet gekom word. 'n Student wat al sy vakke die vorige jaar geslaag het sal dan 'n afslag op sy totale rekening kry.

Prof. De Vries het ontken dat probleme met die nuwe stelsel vir die vertraging in die uitstuur van rekeninge verantwoordelik was.

# Motorfietse verbied by Studentesentrum

**DIT is die Universiteit se beleid dat geen motorvoertuie en dus ook motorfietse enige toegang tot die loopgang van die LSS mag hê nie. Die redes hiervoor is dat die plaveiselbakstene beskadig word, motorvoertuie oliekolle op die oppervlak agterlaat en 'n risiko vir studente geskep word.**

**Die Universiteitsowerhede doen 'n vriendelike, dog dringende beroep op studente om nie motorfietse in die loopgang te parkeer of om die loopgang as 'n pad te gebruik nie.**


**Die stuk grond suid-wes van die LSS, tussen die LSS en die Kunsgebou, sal deur die owerhede ingerig word vir die parkering van fietse en motorfietse. Omdat die parkering voorlopig nie onderdak sal wees nie, word studente versoek om bekleedsels vir hulle voertuie te maak om dit teen die weer te beskerm.**

**Indien enigiemand aanbevelings ten opsigte van parkering van fietse of motorfietse by die LSS en KGB het, is hulle baie welkom om 'n briefie in Frank Raymond, SR-lid vir Studentebelange, se vakkie in die SR-kantoor te laat.**

NET STELLENBOSCH

# DROSTDY·SENTRUM

SPESIALE AANBIEDINGE
uitverkoping vanaf:
10de MEI – 23ste MEI




Deutsche Grammophon

WALKMAN CLASSICS

## Classical Value

The **Deutsche Grammophon** label has just released some new **Walkman Classics**.

They represent the finest collection of **Classical budget** cassettes.

Especially since they're all **chrome** cassettes and have up to **90** minutes of music on each tape.

**R15,99 each**

And all are the work of major composers recorded by important conductors and orchestras.

- **BACH:** BRANDENBURG CONCERTO'S *(Richter)*
- **BEETHOVEN:** SYMPHONIES NO'S 5 & 6 *(Bohm)*
- **BRAHMS:** BRUCH VIOLIN CONCERTO'S *(Ferras)*
- **CHOPIN:** SOLO PIANO MUSIC *(Vasary)*
- **DVORAK:** NEW WORLD SYMPHONY/SERENADE *(Kubelik)*
- **GERSHWIN:** RHAPSODY IN BLUE/AMERICAN IN PARIS *(Ozawa)*
- **MOZART:** EINE KLEINE NACHTMUSIK/DIVERTIMENT *(von Karajan)*
- **ORFF:** CARMINA BURANA/**STRAVINSKY:** RITE OF SPRING *(Jochum)*
- **RACHMANINOV:** PIANO CONCERTO NO. 2/**LISZT:** PIANO CONCERTO *(Richter)*
- **SAINT SAENS:** ORGAN SYMPHONY/FRANCK SYMPHONY *(Barenboim)*

*You'll find more at...*

**Musica**

DROSTDY CENTRE STELLENBOSCH PH. 7-2002

Winmore
THE FACTORY SHOP
SHOP 20 TEL. 3312

WHERE YOU DRESS FOR LESS AND ALWAYS WIN ON PRICE

| | | |
|---|---|---|
| JUST ARRIVED BLANKET SHIRTS **R9** S-XXL | LADIES PADDED JACKETS **R25** S-L | FAMOUS MAKE RUGBY BOOTS **R16** pr. |
| MENS LEATHER SHOES **R20** pr. | LADIES 2-PIECE SUITS SLAX **R25** JACKET **R25** | LADIES BOOTS **R15** pr. |
| MENS SOCKS **R1** pr. | MENS CHECK SHIRTS **R15** S-XL | LADIES BRIGHT COLOURED BIG SHIRTS **R25** |
| CHEQUES & CREDIT CARDS WELCOME | G.S.T. | EXCLUDED |

Scotts

WAARDE IS DIE JONGSTE MODE

22 STORES THROUGHOUT THE PENINSULA

shoerama

20% OFF

20% OFF THE MARKED PRICE OF EVERY SHOE IN STORE

ARDMANS · JOHN & JONI · YUM WURST · L'AUBERGE REST · MUSICA · LIMELITE · SCOTTS · QUICKSTEP ·


LINNEN CUPBOARD · VISIONS · ALBOS · ELEGANT · KLASH · SHOERAMA · JUICY LUCY · BOARDMANS · YUM WU

DROSTDY . . . "DIÉ SPESIALE SENTRUM"

STELLENBOSCH ONLY

# DROSTDY · CENTRE

## SPECIAL OFFERS
Sell-out from:
10th MAY — 23rd MAY




THE Linen CUPBOARD Tel. 71576

**ZANY TOWELS**

SPECIAL SPECIAL
Assorted coloured towels

HAND
**R2,88**
each

BATH
**R7,88**
each

L'Auberge Provençale
FRENCH RESTAURANT
DROSTDY CENTRE CNR BIRD & ALEXANDER St. STELLENBOSCH ☎ (02231) 71942

10 – 17.5.85
GRILLED RUMP
or
SIRLOIN
(300 g)
**6,95**


Served with a Sauce of your choice, fresh vegetables, chips or baked potatoes.

LIMELITE GRAPHICS

MOTHER'S DAY SPECIAL
BUBBLE BATH
was R9,99
now **R5,99**

IMPORTED CARDS
were R1,50
now
**R1,20**


the house shop
# boardman's




Guzzini Measuring Jug.
1 *l* capacity.
Red or white lid.
was 19,95
now **14,95**



Guzzini Cutlery Drainer
White only
was 12,95
now **9,95**



Salt and Pepper Mills
Attractive contemporary design
was 12,95 each
now **9,95**



Boardman's versatile trolley. Epoxy-coated with three trays. Ideal for use throughout the home e.g. vegetable rack, magazine rack. Available in various vibrant colours.
was 24,95
now
**19,95**

DROSTDY . . . "THAT SPECIAL CENTRE"

BOARDMANS · JOHN & JONI · YUM WURST · L'AUBERGE REST · MUSICA · LIMELITE · SCOTTS · QUICKSTEP ·

· LINNEN CUPBOARD · VISIONS · ALBOS · ELEGANT · KLASH · SHOERAMA · JUICY LUCY · BOARDMANS · MUSICA



# 'Die siel van die manteldraaier'

DEUR die eeue was daar mense wat teen hul eie volk en bloed draai, wat doelbewus die ondergang van dit wat hulle eie is, help bewerkstellig het. Ook Suid-Afrika het sy volle kwota van diegene ontvang.

Daar word gereken dat gedurende die Anglo-Boere-oorlog daar ongeveer 3 000 sogenaamde "joiners" was, en ongeveer 13 000 "hensoppers". Later in die geskiedenis het talle voorbeelde gevolg waar selfs bekende figure hul mense verraai het: Staatsmanne, regsgeleerdes, teoloë . . .

Daar is geen eenvoudige verklaring vir die verskynsel nie, maar dit is interessant om na sielkundige en ander verklarings te kyk.

### Houding

Die bekendste sielkundige meganisme agter 'n skielike radikale verandering van houding word beskryf met die term *kognitiewe dissonansie*. Hoewel 'n groot woord, is dit in werklikheid 'n baie eenvoudige proses. Die teorie postuleer dat indien daar twee of meer ervarings wat strydig met mekaar is, by 'n persoon aanwesig is, veroorsaak dit spanning wat die persoon sal motiveer om een of albei ervarings (of houdings) te verander totdat die houdings in ooreenstemming is.

### Konflik

Dit beteken dus ook dat 'n konflik in oortuigings, spanning skep wat op 'n wyse verwerk moet word, en daarom kan dit gebeur dat lank gekoesterde oortuigings kan verander en selfs radikaal teenoorgestelde houdings ingeneem kan word ten einde opgeboude spanning te verlig.

Die bogenoemde ommeswaaireaksie is die gevolg van kognitiewe-dissonansie. Daar kan egter ook 'n baie dieper oorsaak gesoek word wat veroorsaak dat mense teen alle logika in, 'n pad van selfmoord kies. Volgens *Freud* bestaan daar by sekere mense 'n selfvernietigingsdrang wat hy die "death-wish" noem. Hierdie selfvernietigingsdrang kom gewoonlik voor by kulture wat hul bloeitydperk agter die rug het en wat 'n stadium van morele verval betree. Dan volg gedrag wat ooglopend tot ondergang lei.

### Oorsaak

Die diepste oorsaak kan by party mense lê in disharmonie met hul Skepper, soos die geval is met mense wat hulleself doelbewus aan dwelms en perversies oorgee. Wanneer die mens se siel los en uit harmonie raak met sy Skepper, verval hy in dieptes van depressie wat hom tot selfvernietiging lei. Hoewel 'n mens sulke stellings met omsigtigheid en huiwering maak, is dit nogtans ter sprake by heelwat politieke volksmoordenaars. Dit kan dus die diepste oorsaak van volksverraad ook wees.

Beleef ons nie weer vandag sulke tye nie? Eens konserwatiewe, behoudende burgers verander soos handomkeer en wedywer selfs om Suid-Afrika dieselfde pad te laat loop as die van Swart-Afrika: Mosambiek, Angola, Rhodesië . . . moord en bloedvergieting.

In baie gemoedere lê die vraag: wat motiveer sulke mense? 'n Paar voor die handliggende redes kan wees: onkunde aangaande die werklike pad wat gevolg word, gebrekkige insig aangaande die gevolge, blinde vertroue in leiers en in uiterste gevalle, selfs eie gewin.

**MENINGS-AKTUEEL**

**Die skrywer van hierdie artikel is Fanie Maritz, 'n B.A.-student in sy derde jaar.**

Maar dan moet die sielkundige en ander verklarings wat hierbo gegee is, ook op sommiges van toepassing wees. In 1948 is die beleid van afsonderlike ontwikkeling deur die destydse Nasionale Party erken as 'n vreedsame oplossing vir die land se veelrassige probleme en is as sodanig deur die volk aanvaar. Ongelukkig het die implementering daarvan van die beleid na dr. Verwoerd se dood nie die mate van aandag ontvang wat nodig was nie. Dit het Suid-Afrika se vyande 'n gulde geleentheid gebied, en ongeveer 1980-81 verskyn daar skielik 'n goed georganiseerde vloed van propaganda, as sou afsonderlike ontwikkeling misluk het.

Dit tref die bevolking onverhoeds. Hulle hoop op voortbestaan gevestig op afsonderlike gebiede waar elke volk baas is oor sy eie. Skielik word hierdie hoop verydel deur verslae van mislukte afsonderlike ontwikkeling. Die versekering van Blanke voortbestaan word skielik bedreig, die ou verwagtings kom in konflik met nuwe "gegewens", uiterste spanning word geskep en die aarde lê braak vir enige vreemde en radikale idees om pos te vat. Kognitiewe dissonans het in werking getree. Gevestigde hoop op voortbestaan word bedreig deur mislukking en vrees vir volksondergang. Spanning ontstaan en daar word rondgetas na "nuwe paradigmas" wat uitkoms mag bring.

### Vals

In hierdie klimaat wat geskep is deur valse propaganda, word die heiligste sentimente selfs nie ontsien nie. Nuwe liberale voorstelle word geklee in 'n godsdienstige kleed van "naasteliefde" om 'n radikale swaai na links te bewerk.

Kognitiewe dissonans het ingetree wat rofweg drie reaksies uitlok. Eerstens kan 'n deel van die bevolking in hulle pogings om die geskepte spanningstoestand (verydelde verwagtings en vrees) te verlig, heeltemal swig voor liberale voorstelle en direk die teenoorgestelde houding teen hul vorige konserwatisme inslaan.

Dit is wat plaasgevind het met diegene wat in ons inleiding as voorbeelde genoem is.

Bekende, behoudende Afrikaners, wat skeilik (blykbaar onverklaarbaar) in aartsliberaliste verander en nou kan dien om die intiemste integrasie met anderskleuriges mee te maak. Op die huidige oomblik skop mens hulle agter elke bos uit.

### Passief

Tweedens veroorsaak kognitiewe dissonans dat mense die spanning probeer verlig deur sielkundige ontvlugting. Hulle weier om die probleem verder in die oë te kyk en "sluit hulle self af". Dit is die groep wat polities heeltemal passief raak soos wat vandag nog by baie merkbaar is.

Derdens word 'n groep gevind wat deur die spanningstoestand selfs meer radikaal raak ten opsigte van hulle bestaande oortuigings.

Die vierde groep benader die probleem met kalme logika — ten spyte van die krisis. Al die feite word deur hulle in aanmerking geneem, nie net sommiges nie, om met 'n hernude poging na oplossings te soek. Een van die "grootste" realiteite is dat die Afrikaners ook 'n volk vorm en dat dit louter onsin is om te verwag hulle voortbestaan moet opgeoffer word ter wille van die assimilering met ander volke en kulture.

Ontwerp 'n nuwe metode om selfbeskikking te laat slaag, waarin die slaggate van die verlede vermy word.

Begin om die metode in werking te stel om aan mense te bewys dit kan slaag.

Verkondig hierdie dinge sodat die verdwaaldes en twyfelagtiges weer kan sien dat hulle nog vroeër reg was, maar dat net die regte soort aanpassing nodig was. (Met hierdie taak is die Oranjewerkers besig.)

# Oor swak digters en toilet-filosowe

**met ander woorde**

"WITH the help of a few drinks, a couple of friends and one or two of your favourite Dylan recordings, you too can be a bard." Só beweer Hobbs, nie die bekende filosoof nie, maar my vriend Jonathan, toe ons nou die aand sit en lag vir die beskeie pogings tot poësie van 'n mede-Matie. Op Stellenbosch dink elke tweede aap mos hy/sy is 'n digter en/of 'n filosoof — wat beteken dat ons groene kampusdorpie meer swak digters en toilet-filosowe per vierkante kilometer het as enige ander plek in die Suidelike Halfrond.

### Kwasi

Elke koshuiskoekie wie se ou haar afgesê het, verwoord haar pyn in poësie (met die gevolg dat alle lesers haar pyn deel — die liggaamlike area waarin hierdie pyn sentreer, verskil net) en elke Politieke Filosofie I student braak swak gekripte andermansdenke uit, given half a chance. En soek met gierige kleutervreugde denkfoute in Kabinetsministers se toesprake uit, sonder enige effek, maar wat de hel.

Stellenbosch, Kaapland — hoofstad van die kwasi, waar almal die klok hoor lui het, maar blêddie min weet waar die bel hang.

Nou ander aand het die volgende toneeltjie hom afgespeel. (Die vraesteller hoef nie sleg te voel nie, ek blameer hom nie, ek is maar net so 'n bietjie verwonderd.)

### Straight

Vraesteller: Is jy deesdae 'n straight ou?

Ek: Wel, seksueel was ek nog altyd, maar . . .

Vraesteller: Ek sien jy hang deesdae rond met straight ouens.

Ek: (Stil van verbasing).

Dit blyk toe dat ek en 'n paar vriende opgemerk is in (o tempora! o mores!) jeans, tekkies en gewone hemde. Blykbaar hang jou progressiwiteit deesdae af van jou haarstyl (ook onder die arms as jy vroulik is) en jou klere (uitspattig). Die sg. straight ouens waarmee ek saam opgemerk is, se hare en klere was strictly a case of mené mené tekel ufarsin (Daniël: 5:25 in die ou Bybelvertaling). Maar intussen lééf hulle hul lewens, en ervaar self wat die jong intellektuele in teksboeke van lees. 'n Mens sou sweer Camus en Kierkegaard se filosofie is gekweek terwyl hulle sit en bog praat het met vriende.

En die ander groepie pseudos, die skeppendes: wanneer 'n mens iets wil skryf, is dit myns insiens fyn pikkewyn. Maar om dit dan aan die wêreld ten toon te stel, is onvergeeflik smaakloos. En om uit te vind, Sannie Poggenpoel, of wat jy geskryf het, goeie poësie is, is dit nodig om rêrige goeie poësie te lees (soos Eliot en Blake en Yeats, nié, ek herhaal nié die lirieke van The Wall nie).

### Diep

Ek moet beken: ek is nie "diep" in die Stellenbosse aanvaarde sin van die woord nie. Ek het nog nooit gedig nie, ek lees eerder The X-Men as Breyten Breytenbach, ek dink WP-rugby is belangriker as "die militarisering van Stellenbosch" en ek het nog nooit na Kruispadplakkers gaan kyk nie. Ek lewe. En anders as al die grote denkers op Stellenbosch, weet



News for you sunshine — Camus se filosofie is gekweek op sokkervelde en langs strande en deur siekte. Die enigste mense wat die reg het om te praat oor die lewe, is die wat léwe.

ek hoekom ek lewe. Word groot, outjies — dis nie rêrig só sleg nie.

**Louis de Villiers, 'n LL.B.-student, is die skrywer van hierdie artikel.**

## Matie-gesprek

*(Vervolg van bl. 8)*

**wusmaak sonder om polities op te tree en standpunt in te neem? Beplan die KJA politieke optredes?**

Eerstens probeer *Dinamiek* studente nie polities bewusmaak nie. *Dinamiek* probeer om menslike nood wat in Suid-Afrika voorkom uit te lig en vanuit God se Woord daarna te kyk. Christene sal dus altyd standpunt moet inneem t.o.v. sosiale geregtigheid soos Jesus ons aanspreek in Matt. 25:31-46. Die KJA beplan definitief nie politiese optrede nie.

**Watter invloed/aanhang het die KJA op Stellenbosch?**

Die KJA het 4 700 lede op Stellenbosch en in die 20 aksies wat aktief werk en net uit Stellenbosse studente bestaan. As mens praat van die KJA praat mens dus van al hierdie lede. *Dinamiek* het egter in die laaste tyd ook positiewe reaksie gekry van studente buite die KJA wat sê dat ons uiteindelik aktueel geraak het.

**Watter verhouding is daar tussen die KJA en ander Christenstudenteverenigings? (bv. SUCA).**

KJA-lede is wel betrokke by ander verenigings soos SUCA of SCA, maar dit geskied op 'n baie individuele basis. Daar word wel amptelik kontak gemaak met Christenverenigings soos die Anglikaanse Kerk se vereniging te Ikeys. Die KJA is ook uitgenooi om hulle sowel as die SCA se kongressse by te woon.

**Watter rol speel die Christen in politieke verandering in Suid-Afrika?**

Op hierdie vraag kan ek net my persoonlike mening weergee. Ek voel as iemand wat in God en sy Woord glo, dat ek heeltyd krities moet kyk na die politieke bestel vanuit God se Woord. In sosio-politieke konteks het Jesus bv. daadwerklik kontak gemaak met die Samaritaanse vrou met wie hy eintlik, vanuit etniese verband, geen kontak moes maak nie. Hy het dus radikaal deur strukture gebreek. God spreek hom ook daadwerklik uit oor hoe mense teenoor mekaar moet optree. In Jes. 58 sê Hy: "Is die vas wat Ek wil hê, nie dit nie: om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry, om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek? Is dit nie dat jy vir dié wat honger is, van jou brood gee nie, dat jy aan armes en die dakloses 'n blyplek gee nie, dat wanneer jy iemand sonder klere sien, jy vir hom klere gee nie, dat jy jou medemens nie aan sy lot oorlaat nie?"

Enige politieke struktuur wat nie aan hierdie opdrag voldoen nie, moet volgens my teengestaan en hervorm word. Ek as individu moet ook hierdie opdrag daadwerklik uitvoer al moet ek ook my uitspreek teen bestaande strukture of deur laasgenoemde breek. Laastens moet Christene wat aan die Woord gehoorsaam is steeds en altyd politieke strukture krities evalueer, want geen stelsel sal ooit volmaak op aarde wees nie, want ons is almal sondig en onvolmaak. Strukture moet dus steeds dinamies bly. Die status quo kan nooit gehandhaaf word nie en indien wel, moet ek as gelowige steeds daarteen veg.




'n Kultuurbeampte van Kovsies is ná 'n vergadering deur 'n paar studente aangeval. Hulle het hom klaarblyklik as eerw. Hendrickse aangesien. Dit is hoe *Irawa*, Kovsies se studentekoerant, die voorval gesien het.

KOVSIES

# Wanorde en styllose gedrag by 'Ordes'

BLOEMFONTEIN — Sekere voorvalle tydens 'n baie rumoerige Ordes (Organisasie vir Denkende Studente)-vergadering aan die UOVS waartydens min. Allan Hendrickse, voorsitter van die Ministersraad in die Raad van Verteenwoordigers, as spreker opgetree het, het tot groot wanorde en "minder stylvolle gedrag" gelei.

Min. Hendrickse het in 'n volgepakte Albert Wessels-ouditorium gepraat oor *Die Regmatige Plek van Swartes in die Suid-Afrikaanse Grondwetlike Bestel*. Die gehoor was buitengewoon groot en besonder lewendig. Standpunte is geesdriftig ondersteun en verwerp.

### Ontsenu

'n Groep persone, onder wie mnr. Piet Bester, vorige voorsitter van die HNP-jeugtak op die kampus, het met negatiewe tussenwerpsels gepoog om min. Hendrickse te ontsenu. Die voorsitter van Ordes, mnr. Alphie Bennett, moes dié persone verskeie kere tot orde roep. Nadat mnr. Bester tydens vraetyd onder meer vir mnr. Bennett daarvan beskuldig het dat hy die vergadering nie kan hanteer nie, is mnr. Bester buite orde gereël. Die res van die vergadering het dit met luide toejuiging beaam.

### Verskille

Mnr. Heerden van Niekerk, SR-voorsitter, het gesê hy "besef daar's intense verskille, maar deur nou op emosionele vlak verskille te wil uitklaar, bied geen oplossing tot die probleem nie. Dit is juis nou die tyd om meer beredeneerd en kalmer deel te neem aan gesprek, maar veral om te luister."

Mnr. Kobus Lombard, voorsitter van die KP-jeugtak op die kampus, het hom in 'n brief aan *Irawa*, studentekoerant van die Kovsies, sterk teen "sekere radikale elemente" wat die vergadering probeer ontwrig het, uitgespreek. Hy het ook die party gedistansieer van sulke "onverfynde optrede".

Die gebeure tydens die vergadering word ook in die hoofartikel van *Irawa* betreur, onder meer omdat "mense die geleentheid ontneem word om rustig na verskillende standpunte te luister", want Ordes is primêr "'n organisasie wat poog om objektief verskillende sprekers te nooi om hul standpunte te stel". Die Organisasie vir Denkende Studente wil deur sy vergaderings die geleentheid daarstel vir denkende studente om hul eie mening te vorm of om ten minste te luister na 'n ander se mening. Verder doen "swak optrede van jong Afrikaners teenoor 'n gekleurde leier . . . bitter min aan die sogenaamde goeie beeld van die Afrikaner. Inteendeel, deur in 'n beskaafde blanke gehoor . . . verskille ten toon te stel deur swak optrede, laat 'n wrang smaak in die mond," lui die hoofartikel voorts.

Volgens prof. Willem Richards, vise-rektor van die UOVS, ondersoek die universiteit mnr. Bester se optrede tydens die vergadering. 'n Kultuurbeampte is na bewering ná die vergadering deur 'n paar studente aangeval wat hom vir eerw. Hendrickse aangesien het. Indien inligting bekom word, sal die universiteit verdere optrede oorweeg.

### Simplisties

Min. Hendrickse het in sy toespraak gesê dat 'n politieke oplossing vir Suid-Afrika se probleme nie simplisties benader kan word nie. Daar sal gekyk moet word na 'n nuwe politieke stelsel waarbinne alle volkere verteenwoordig word sonder oorheersing deur een groep. Min. Hendrickse stel 'n stelsel van Federale State, wat nie op etniese gronde berus nie, voor. Elke staat moet, ongeag sy grootte, gelyke verteenwoordiging in die sentrale regering hê.

### Onderdruk

Eerw. Hendrickse sien die burgerskapkwessie vir swartmense as 'n grondprobleem. Swartmense in Kaapland het voor Uniewording burgerreg gehad, maar het dit in 1934 verloor. Die swartmense wil deelneem aan 'n vryemark-ekonomiese stelsel. Hy het verder gesê "ons leef in 'n Derde Wêreld, maar wil Eerste Wêreld-standaarde toepas". Beperkende maatreëls van die Eerste Wêreld word op hulle toegepas en sodoende word hul ontwikkeling onderdruk.

Burgerskapsregte veronderstel die vryheid van beweging en daar is 'n verset teen die feit dat mense nie kan besluit waar hulle wil werk of bly nie. Met verwysing na die onlangse gebeure by Uitenhage en Kruispad, het hy beklemtoon dat daar 'n weerstand aan die opbou is teen die maatreëls en wette wat swartmense se vryheid van beweging inperk. Volgens min. Hendrickse is "die gebeure 'n direkte uitvloeisel van die miskenning van die swartes se reg om daar te woon."

# SWAPO men blame SA troops at UCT

CAPE TOWN — Two survivors of the South African Defence Force raid on Chetequera in Southern Angola, which took place seven years ago, said they had seen South Africa soldiers herding Namibian refugees on to helicopters during the raid and then pushing them out of the aircraft once they were airborne.

### Massacred

Addressing a Namibian Students Association meeting at the University of Cape Town, Swapo member Mr Achilles Angula told students South African troops had massacred nearly 1 000 Namibian women, children and old men in the raid on the same day at another Swapo refugee camp at Cassinga.

"At Chetequera, which we called Vietnam, we first heard the sound of airplanes. Then suddenly we saw hundreds of armoured cars around us. And then death overwhelmed us. Death from above, death from the ground, death from everywhere."

### Sophisticated

Mr Angula, who spent the subsequent seven years as a prisoner first at Oshakati and later at Mariental, said the SADF had attacked the camp on May 4, 1978 with sophisticated weaponry including Mirage and Buccaneer aircraft and Puma helicopters. Napalm bombs were dropped on the area, he said.

### Captured

Both Cassing and Chetequera were refugee camps for civilians with a small contingent of Swapo fighters there to protect them, said Mr Angula.

Mr Linus Nahole, who was captured by the SADF at Chetequera with Mr Angula, told the students about 200 were taken prisoner on the day.

### Robbed

"On the way to the Oshakati prison camp SADF soldiers robbed us of our watches, our money, our other belongings. At Oshakati we experienced South Africa's complete disregard for international law on human rights."

Mr Nahole said the internees were repeatedly tortured during the first three months of their imprisonment. "We were beaten with batons and sticks, even when we told the truth. Plastic bags were tied over our heads, we were blindfolded and subject to further beatings and torture."

When the prisoners were transferred to the Mariental camp in southern Namibia the prisoners were made to sleep on the ground despite freezing winter temperatures, he said.

Mr Nahole said conditions began to improve at the camp in 1981 after representatives of the International Red Cross had made a visit.

A group of 55 of the Chetequera internees was released in May last year and the remaining 75 were released in October, said Mr Nahole.

A South African Defence Force spokesman, Commandant J.C.S. Rolt, said that the SADF was not prepared to comment on "unfounded accusations which are merely a repetition of Swapo propaganda over many years."


Mr Linus Nahole (left) and Mr Achiles Angula.

# SA gesant vlug van studente

NEW YORK — 'n Suid-Afrikaanse diplomaat moes vlug nadat betogende studente voor sy motor gaan lê het toe hy die kampus van die Harvard-Universiteit in Cambridge, Massachusetts, wou verlaat.

Mnr. Abe Hoppenstein — Suid-Afrika se konsul-generaal in New York — is na die kampus om konserwatiewe studente oor disinvestering toe te spreek.

Die vergadering moes glo in die geheim plaasvind, maar dit het uitgelek en studente het buite Lowell House begin betoog.

Meer as 150 studente het slagspreuke geskreeu. Toe mnr. Hoppenstein uitkom en in sy motor klim, het van die studente voor die motor gaan lê om mnr. Hoppenstein te verhinder om te vertrek.

Polisiemanne het tussenbeide getree en mnr. Hoppenstein terug na die gebou begelei. Die studente het daarop by mekaar ingehaak en 'n menslike ketting gevorm wat mnr. Hoppenstein verhinder het om te vertrek.

Mnr. Hoppenstein het glo deur 'n agterdeur uitgegaan.

Intussen duur die betogings teen Suid-Afrika nog op kampusse van ander universiteite in die VSA voort. Sowat 112 studente is op die Berkeley-kampus van die Universiteit van Kalifornië in hegtenis geneem, nadat hulle teen die universiteit se betrokkenheid by Suid-Afrika betoog het.

Ander soortgelyke betogings het plaasgevind by die Georgetown-Universiteit in Washington, die Brown-Universiteit in Providence en die Universiteit van Michigan.

# Swazi-studente word vervolg

SWAZILAND — Agente van die opperaad van die Swazilandse regering, die Liqoqo, vervolg tans studente by die Universiteit van Swaziland. Die vervolgings is deur die huidige politieke onrus in die land geïnspireer.

Die vorige koning van Swaziland, Koning Sobhusa, het tydens sy bewind besluit dat hy die politieke onrus wat die hele Afrika teister, wil vermy. Gevolglik het hy die Westminsterstelsel afgeskaf en alle politieke partye verbied.

Na sy dood het 'n dodelike magstryd tussen politieke groeperinge ontstaan. Die regent is van haar pos onthef en 'n senior lid van die koningshuis moes vir sy lewensonthalwe na Kwazulu vlug toe die "Groep van Vier" die bewind oorgeneem het. Hulle regeer by wyse van 'n opperraad, die sg. Liqoqo.

Die verbod op politieke partye soos ingestel deur Koning Sobhusa geld nog steeds. Die gevolg is 'n pamfletoorlog teen die "Groep van Vier". Hierdie onrus het ook uitgebrei na die kampus van Swaziland se enigste universiteit. Waarnemers is dit eens dat die voortgaande onrus op die kampus akademiese vooruitgang ernstig belemmer.

Die onrus by die universiteit het begin toe ses studente na Kenia gestuur is. Hulle moes die universiteit daar gaan verteenwoordig, maar dit het sonder die medewete van die studenteraad geskied. Een van die afgevaardigdes is die seun van 'n huidige kabinetslid.

Daar het protesoptogte en boikotte gevolg toe dit uitgelek het hoe die regering hom by universiteitsake inmeng. Die ganse studenteraad is tydens die onrus vir vyf dae toegesluit. Etlike studente het gesê dat "agente" van die Liqoqo hulle lastig geval en aangerand het.

Die studente het die hoop uitgespreek dat die huidige kroonprins, prins Makhosetive, spoedig die land sal kom regeer. Hy studeer tans in Brittanje en word eers oor drie jaar mondig, wanneer hy in staat sal wees om die troon te beset.

"Prins Makhosetive is die enigste bron van hoop vir Swaziland. Ons is vas oortuig dat hy na sy kroning stabiliteit in ons onrusverstoorde land sal herstel," het 'n ouerige Swaziman in 'n onderhoud gesê. Daar word in etlike kringe gevrees dat mense wat deur die Liqoqo wantrou word, se lewens in gevaar is.

Nagwerk een lang gega-a-ap?



Bly wawyd wakker met Regmakers®

Nagwerk? Studeer of bestuur jy regdeur die nag? Kry Regmakers, die ligte opkikker-tabletjie wat jou wawyd wakker maak en op-en-wakker hou.

Regmakers®

Elke tablet bevat: Kaffeïne 150 mg.

5778/A

# Ideale versuur deur etikette, dronk studente

**MORELE WAGHOND skryf:**

Ek het as goeie, jong Afrikaner na die heimat van Afrikanerdom, die Universiteit van Stellenbosch, gekom. Ek was vol van allerlei ideale oor die edelheid, roemrykheid, trotsheid en ten slotte Christelikheid wat Afrikaner-wees volgens my onderwysers behels het.

Ek het geweet dat 'n universiteit 'n plek is waar 'n mens leer. Het ek geleer! Onder meer het ek gehoor van geheime organisasies wat namens ons dink en besluit. Ek het agtergekom hoedat agter die skerms geknoei word om studente wat prominensie geniet, tot 'n val te bring. Om nie eers te praat oor geheime bandopnames en smeerpamflette nie.

Verder woon ek in Stellenbosch se middedorp. Daar hoor ek elke weeksaand, so teen twee-uur, hoe jong manne dronk-dronk in ons heimat se strate "sports maak". Ek vermoed dat hulle Afrikaners is omdat hulle in dié taal vloek en skree waar bejaarde woonstelbewoners hulle kán hoor.

Ek het dit die ergste van alles gevind dat mense mekaar oor-en-weer etiketteer sodat sinvolle gesprek tussen groepe onmoontlik geraak het. Ek moet daagliks aanskou hoe vervreemde jong mense hulle vergryp aan sinnelike behoeftes, wat maar net hulle menswees ondermyn.

Nou wil ek vra: Is dit inderdaad Afrikaners wat hier op die kampus studeer? Indien wel, is ons dan só onvolwasse soos uit bogenoemde opmerkings blyk? Kom, mede-Afrikaners, kom ons word mondig. Kom ons tree op soos mondige mense. Indien dit ons samelewing se skuld is dat hierdie soort van morele vuighede sig voordoen, laat ons mense uit alle sektore van die samelewing toelaat om 'n positiewe inset te lewer op pad na mondigheid.

Indien omstandighede nie verander nie, kan ek voorsien dat al hoe meer mense van Afrikanerskap vervreemd sal word. En vir sodanige mense sal daar nie meer plek op hierdie kampus wees nie.

# TV-games in place of classy bookshop?

**BELINDA VAN DER VYFER writes:**

Roughly one year ago Exclusive Books was forced to close its Stellenbosch branch due to lack of support. Perhaps this is understandable in the light of the numerous academic bookshops in Stellenbosch. It nevertheless seems a pity that the great majority of university students limit their reading to the prescribed books of their courses.

Something I found even more horrible happened two weeks ago. A TV-game arcade (as in Space Invaders and Pac Man) opened its green and red doors on the very premises where Exclusive Books failed to make it. If one takes this as symbolic of what could become of Stellenbosch, well . . . It makes one wonder.



**Briewe**

**DIE briewe vir publikasie moet gerig word aan: Die Redakteur, Briewe, Die Matie, Langenhoven-studentesentrum, Stellenbosch 7600.**

**Briewe moet asseblief so bondig moontlik wees en moet die naam, die adres en die handtekening van die skrywer bevat, selfs al word 'n skuilnaam gebruik. Die identiteit van die skrywer in laasgenoemde geval word streng geheim gehou.**

**So ver as moontlik moet briewe getik word in 'n kolom van 65 mm.**

**Alle briewe wat ontvang word sal óf gepubliseer óf erken word.**

# Tossie Budd FC wil tent opslaan

**STIGTERSLEDE VAN DIE TOSSIE BUDD FAN CLUB skryf:**

Ons beskou dit as 'n besondere voorreg om vir u koerant en die studente op Stellenbosch aan die Tossie Budd Fan Club voor te stel. Dié klub is presies 'n jaar gelede deur 'n paar Ikeys gestig omrede soos die Engelsman sê: "The whole world's heard about Zola, but let's be Frank, who has ever heard of Tossie?"

Julle het seker op verlede jaar se Intervarsity op Nuweland 'n voorsmakie gehad van wat die klub se lede aanvang as hulle lus is vir 'n bietjie pret. Hier praat ek van die helder banier wat in die Ikey-pawiljoen verskyn het. Ons berei ons nou al voor vir dié jaar se stryd op die Danie Craven-stadion. Ons is van plan om vanjaar behoorlik partytjie te hou.

Ons gaan die Vrydagaand iewers in Stellenbosch 'n tent opslaan en ons nooi sommer nou al vir diegene van julle wat belangstel om lede van die TBFC te word om saam te kom sokkie. Terloops, Conley Zabtwat (een van ons stigterslede) het nou die aand op Ikeys se oefening gehoor dat ons vanjaar 'n gedugte kombinasie het wat vir Stellenbosch dieselfde soort pak gaan gee as wat hulle gekry het teen die Tukkies en die Shimlas.

Nou ja, ons mag wel aartsvyande wees op die rugbyveld, maar ons nooi alle Maties om op die gebied van die TBFC saam met ons Ikeys te staan en steun te verleen aan 'n waardevolle stukkie erfenis in ons geskiedenis.

DASUS
BOCKBIERFEST.
SAT. 11 MEI. HOU
KENNISGEWING-
BORDE DOP.

# Apatie kelder aktiwiteite vir vrouestudente

**ROSA THERON skryf:**

Hiermee wil ek eerstens beswaar aanteken oor die kliniese en koue trant van die artikel oor my onderhoud met mnr. Herman Pretorius, Dramadepartementshoof, wat in *Die Matie* van 25 April 1985 verskyn het.

Mnr. Pretorius se vriendelikheid en behulpsaamheid het nie duidelik uit die artikel geblyk nie. Hy het duidelik gesê dat die departement baie graag die studente-unie in ag neem en hulle betrek by aanbiedinge (vir studente "cater").

*Die Matie* verdien egter net dank vir die bereidwilligheid om altyd inligting wat die verenigings en komitees aan die US beskikbaar mag hê, te plaas.

My tweede probleem is aan die studente-unie te wyte. Weer eens het ek dit teen apatie. Die dames aan die Universiteit vul jaarliks vorms in met betrekking tot hul opinies oor die Damesbelangekomitee se bestaansreg, bedrywighede en tekortkominge.

Die oorgrote meerderheid van hierdie dames is dit eens dat genoemde SR-subkomitee duidelik 'n bestaansreg het en nodig is. Die jaarprogram van die komitee word saamgestel op grond van voorstelle deur die dames gemaak en met inagneming van (soms skerp) kritiek. Aangeleenthede word goed geadverteer en tog word dit nie deur die dames (of mans) ondersteun nie.

Die lede van die komitee het meestal baie verpligtinge en verkeer onder dieselfde akademiese druk as alle studente. Die tyd en moeite om aktiwiteite te reël kan baie beter voor boeke bestee word en die verleentheid om 'n spreker voor 'n 95% leë saal te laat optree kan verhoed word.

Ek doen 'n beroep op die dames om aan die einde van die jaar vraelyste volledig in te vul en hul baie eerlike menings weer te gee — al sou dit nie noodwendig tot die komitee se eer strek nie. Baie persone se kosbare tyd en die SR se beursie sal moontlike besparing waardeer.

Vroueweek vind binnekort plaas. Die program is by die meeste koshuise ter insae. Mans kan ook 'n inset lewer deur aan die kompetisie (wat die skryf van 'n opstel behels) deel te neem. Weer eens is die dames se voorstelle in berekening gebring en die program beloof baie opwindend te wees.

Alhoewel ek op die Damesbelangekomitee dien, poog ek nie om namens die komitee of enige lid daarvan te praat nie, maar bloot om my eie ondervinding weer te gee.

# UDF: Waar staan u?

**LOU-MARIE KRUGER en OCKIE DUPPER skryf:**

**Ons wil ernstig beswaar maak teen 'n nuwe taktiek wat deur o.a. mnr. Barnard Beukman "en sy meelopers" op Stellenbosch gebruik word. Ons wil beweer dat hierdie taktiek oneerlik en oneties is.**

**Ons maak nie beswaar teen meningsverskil nie. Ons maak nie beswaar teen standpuntinname nie. Ons maak nie beswaar teen pamflette waarin standpunte ingeneem en menings weergegee word nie. Ons maak wel beswaar teen pamflette waarin opstellers blatant oneerlik is en onskuldige en oningeligte lesers nie 'n regverdige kans gee om self oordele te vel en besluite te neem nie.**

**Ons beweer dat die taktiek in sekere pamflette gebruik, oneerlik is op grond van die volgende:**

*Stellings word bewys deur persone uit verband aan te haal.*

**In die pamflet "UDF" wat op 8 Mei 1985 op kampus versprei is, stel mnr. Beukman dit as 'n feit (in 'n swartgedrukte opskrif) dat die UDF blankes verwerp. As bewys vir hierdie stelling haal hy mnr. Andries du Toit aan wat sê dat die UDF "elitistiese magspolitiek verwerp". Mnr. Du Toit het in werklikheid die volgende gesê: "Deur elitistiese magspolitiek af te wys en eerder gewone mense van alle 'rasse'-groepe bymekaar te bring, werk die UDF juis teen die polarisasie en verbitterdheid wat na Sharpeville en Uitenhages lei." (*Die Matie*, 25 April 1985, bl. 9). Na ons mening sou die volle aanhaling mnr. Beukman net presies die teenoorgestelde gevolgtrekking laat maak het.**

**Het mnr. Beukman dalk die laaste helfte van die sin per ongeluk misgekyk?**

*Aanhalings uit verbode smeerpamflette word gebruik.*

**In *Natpunt* van Maart 1985 (waarvan mnr. Beukman redakteur is) verskyn 'n "Baie Belangrike Berig . . ." (bl. 2). In hierdie berig word aangehaal uit 'n sg. *Campus News* van NUSAS waarin NUSAS aan geweldadigheid gekoppel word. Die betrokke *Campus News* is nie deur NUSAS uitgegee nie, "but by some other body wishing to smear NUSAS. It was subsequently banned for possession so the quote in *Natpunt* is from an illegal pamphlet." (Dit is die woorde van me. Christine Burger, SR-voorsitter van UK). Hierdie verbode pamflet is destyds deur prof. Mike de Vries (*Die Matie*, 3 Maart 1983) as "lae snert" beskryf. Hy het ook gesê: "As enige van ons studente betrokke is by hierdie saak sal streng teen hulle opgetree word." Besef mnr. Beukman dat uit onwettige "lae snert" aangehaal is, of was hy en sy redaksie werklik onder die indruk dat NUSAS die betrokke *Campus News* uitgegee het?**

**Ons is nie lede van die UDF nie. Ons het nie enige verbintenis met NUSAS nie. Wat ons politieke standpunt is, is nie ter sake nie. Ons is teen oneerlike politiek al word dit bedryf selfs deur die instansies of persone by wie ons simpatie lê.**

**Ons vra om verskoning as mnr. Beukman en kie hierdie foutjies per ongeluk laat deurglip het. Miskien moet hy dan hiervoor verskoning maak. Sulke "foutjies" skep al te maklik 'n indruk van doelbewuste oneerlikheid.**

## SP-beleid

(Vervolg van bl. 1)

Mnr. Gawie van Blerk, SP-lid vir Dagbreek, het die mosie teengestaan omdat dit volgens hom 'n "mosie van wantroue in die kanselier", mnr. P.W. Botha, sou wees.

Mnr. Bell het in sy repliek dié stelling verwerp.

Hy het gesê "dat dit nie te sê is dat omdat mnr. Botha ons kanselier is, ons met alles moet saamstem wat hy sê nie". Mnr. Bell het gevoel dat mnr. Botha eerder van die jongmense van Stellenbosch in plaas van napratery die nodige inisiatief en visie verwag.

# Knertsie moet tog smaail

**KLEIN KARELTJIE skryf weer:**

Liewe Oom Matie, nou nadat ek laas so mooi by Oom gesoebat het om Daai Bigwig sover te kry om ietsie omtrent die Kerneelsie en sy ittergemors te doen, het die ondinge wat daar sluip my ingehaal.

Ek dink dit was 'n kiem, 'n groot kiem. Dit moes 'n kiem gewees het, want net 'n kiem kon dit doen: ja, ek het opgeëindig by ONS STUDENTE se sieketrooster daar agter Lydia. En moet my nou nie verkeerd opvryf nie, maar siende dat die ou moederlike geboutjie nou mos eintlik vir ONS IS, moet ek nou net sê: die knertsie by ontvangs het my darem alte ontuis laat voel. Leviete voorgelees oor wanneer mens mag siek wees of nie, en jou wraggies net kort gestop van: "onthou om jou tande te borsel en 'n watertjie af te tap."

Nou Oom Matie, siende lat ek die walglike kiem (moes 'n kiem gewees het) per abuis in daai Bigwig met die toe-nie-so-rubberarm se walglike Kerneelsie opgetel het, wil ek maar net vra of hy nie, om nou sommer twee (van baie) vlieë in een klap dood te slaan, vir daai ongepoetste knertsie wil gaan sê dis *ons* perversiteit die en sy moet dankbaar wees vir die joppie in die moeilike tye en sy moet vir ons studente (wie se plekit eintlik is) sommer mooi en aanhoudend smaail.

'seblief en dankie.

# Matiedagboek: Regstellings

**Helshoogte:** Bennie Olivier is primarius en nie Bennie Verster nie. Telefoonnommers: 2317, 2318, 2240, 2321, 2108, 76023, 71312, 71392, 71393.

**Huis Visser:** telefoonnommer 2086 kom by.

**Majuba:** Telefoonnommers: 73726, 73725, 73724, 2010, 76044, 76048.

**Helderberg:** Telefoonnommers: 2148, 2184, 76031, 76119, 2148, 2320, 2397.

**Harmonie:** Primaria se telefoonnommer: 3718.

**Irene:** Anneks is Rondomtalie, Victoriastraat 65, telefoonnommer: 2337.

**Monica:** Telefoonnommers: 76032, 76027, 2150, 6428.

**Aurora:** Primarius se adres is Werner Obermeyer, Thealstraat 38, Parow-Noord. Telefoonnommer: (021) 92316.

**Hippokrates:** Telefoonnommers: (021) — 931-1294, 931-1295, 931-1297.

**Huis Francie:** Telefoonnommers: (021) — 931-2960 (prim), 931-1245, 931-1265, 931-3464.

**Nog telefoonnommers en adresse:**

Serruria C-blok: 73797.
Nemesia C-blok: 73798.
Eikerus, Victoriastraat 67, 6590.
Huis Albie, Victoriastraat 69, 6525.
Bergville: Skrap 76114. Enigste nommers is 76109, 76111.
Huis Lucy: 6438.
Huis Van Riebeeck: 2123.
Murraystraat 1 is Huys Mys.
Murraystraat 12 is Kalulu.

**SR-lede:**

Le Roux van der Westhuizen, Van der Bijlstraat 11, 76826.
Niël van der Merwe, Huis Slabber, 9203.
Karin Strydom, Skuilhoek, 73721 en 9291.
Phillip Verster, 76700.

**Simonsberg:** Telefoonnommers: Skrap 2036/37/38 en voeg by 2236, 2223, 76009, 76010, 76011.

**Wilgenhof:** Telefoonnommers: Skrap 76009/10/11 en voeg by 2238, 2027, 2030.

**Erica:** Telefoonnommers: Skrap 70529, 6407, 6425 en voeg by 70526, 71230, 71290.

**Heemstede:** Telefoonnommers: Skrap 76106 en voeg by 71916.

**Huis Neethling:** Telefoonnommers: Skrap 2259.

**HTB:** Telefoonnommers: Skrap 5324 en voeg by 3311 (primaria).

**Serruria:** Telefoonnommers: Skrap 73710, 76140, 73918 en voeg in 76148, 73718.

**Sonop:** Telefoonnommers: Skrap 2338.

Studente wat probeer het om die Matiedagboek te gebruik sou beslis baie frustrasie moes beleef. Alhoewel die drukkersduiwel nie stilgesit het nie, is die meerderheid foute te wyte aan 'n brawe poging van die poskantoor se afdeling vir geheime installasies en nommerveranderings. Sommige nommers het verander na die Matiedagboek reeds gedruk was.

Verskoning word aangebied vir die ongerief wat studente moes verduur.
Riël Meynhardt
Redakteur Matiedagboek

ROMANCE IS NOT THE DEODORANT, ITS 147




So you've never heard of us, or you've been put off by the elegance — assuming high prices. WELL, YOU'RE WRONG!
- We offer tremendous food that's totally affordable.
- All functions catered for.

